

Rokende Houtstomp

Volume 4

Uit die ewige vuur geruk

(Is dit dalk jy?)



Joas Natan

Kopiereg: Joas Natan

Gedruk en gepubliseer: Suid-Afrika 2022

Teksredigeerder: A. Oosthuizen

Skryfaanhalings: Afrikaanse Bybelvertaling 1983 indien nie anders vermeld nie.

Formaat: E-Boek

Alle regte word voorbehou.

Hierdie publikasie mag nie gereproduseer word in enige vorm en op enige manier,

elektronies of meganies, ingesluit fotokopiëring, opnames, of in enige

informasiebewaringseenheid en herwinningsstelsel sonder die uitdruklike

toestemming van die skrywer nie.

Kontakbesonderhede: admin@joasnatan.co.za

Vir hierdie en ander boeke, besoek <https://joasnatan.co.za>

Oorsig

Jaar Een

Volume 1: 1 Januarie tot 26 Februarie.

Volume 2: 27 Februarie tot 18 April.

Volume 3: 19 April tot 9 Junie

Volume 4: 10 Junie tot 31 Julie (Huidige boek)

Volume 5: 1 Augustus tot 21 September

Volume 6: 22 September tot 12 November

Volume 7: 13 November tot 31 Desember

Jaar Twee

Volume 8: 1 Januarie tot 21 Februarie

Volume 9: 22 Februarie tot 10 April

Volume 10: 11 April tot 31 Mei

Inhoudsopgawe (Volume 4)

Inleiding		Bladys 7
10 Junie. Gebede vir die stadsraad		11
11 Junie. Geboorte wedergeboorte	1	12
12 Junie. Geboorte wedergeboorte	2	15
13 Junie. Geboorte wedergeboorte	3	19
14 Junie. Geboorte wedergeboorte	4	22
15 Junie. Geduld en vergifnis		24
16 Junie. Geestelike arrogansie		27
17 Junie. Gehoorsaamheid		30
18 Junie. Geld		33
19 Junie. Geloof in		37
20 Junie. Geloofessensies		39
21 Junie. Geloofversterkers 1		42
22 Junie. Geloofversterkers 2		45
23 Junie. Geloofversterkers 3		48
24 Junie. Gelowiges wat verlore gaan		51

25 Junie. Geluk en ongeluk	54
26 Junie. Genesis 26	57
27 Junie. Geslote hemel 1	60
28 Junie. Geslote hemel 2	63
29 Junie. Geopende hemel	65
30 Junie. Getoets- gedop	68
1 Julie. God of mens	71
2 Julie. Gewoontemisdadiger	74
3 Julie. Glo	78
4 Julie. God of afgod 1	81
5 Julie. God of afgod 2	83
6 Julie. God se goedheid en genade 1	85
7 Julie. God se goedheid en genade 2	88
8 Julie. God se witbroodjies 1	91
9 Julie. God se witbroodjies 2	93
10 Julie. Groot misterie 1	95
11 Julie. Groot misterie 2	97

12 Julie. Groot misterie 3	100
13 Julie. Groot kritiek 1	102
14 Julie. Groot kritiek 2	105
15 Julie. Groot troue	108
16 Julie. Grootste gelykenis 1	110
17 Julie. Groorste gelykenis 2	113
18 Julie. Grootste gelykenis 3	116
19 Julie. Grootste gelykens 4	119
20 Julie. Grootse afgod	122
21 Julie. Groter as God	125
22 Julie. H2O	127
23 Julie. Haai jy.	129
24 Julie. Hagar	132
25 Julie. Half-half 1	135
26 Julie. Half-half 2	137
27 Julie. Gebed	139
28 Julie. Hande	141

29 Julie. Hande en hand	143
30 Julie. Hart van die Bybel	145
31 Julie. Hart van Onse Vader	147

Inleiding

Waarom?

Mense wonder gewoonlik waarom 'n persoon 'n boek skryf. Hierdie boek met 52 dagstukkies is saamgestel uit idees wat die Heilige Gees gedurende die jare 2005 tot 2022 by die skrywer, in sy stiltetyd laat opkom het. Hy is gedring deur 'n dringende behoefte om die gedagtes met ander te deel, ander wat dalk nog nie op die bepaalde wyse oor dinge in die Bybel gedink het nie. Daarom mag van die idees vreemd en nuut vir die leser wees. Daar mag ook 'n herkenning wees van idees soos dit vroeër aan die leser bekend gemaak is. Dit is immers dieselfde Heilige Gees wat ons leer. Die naam van die oorspronklike boek: *Rokende Houtstomp uit die vuur geruk*, kom uit Sagaria 3:2. Dit is die skrywer se bede dat hierdie boodskappe sal bydra om siele, soos rokende houtstompe, uit die ewige vuur van God se oordeel te ruk.

Waaroor?

'n Mens wonder ook waarom die boek gaan wanneer jy dit die eerste keer in jou hande neem. Wat maak hierdie preke anders as ander boeke met boodskappe vir die jaar?

Dalk is dit die nuwe, unieke, vars siening van ou waarhede wat hierdie boekie sal onderskei van ander. Telkens is die skrywer verras deur die varsheid van die idee, soos aan hom geopenbaar, in tye van diepe kommunikasie met die Here.

Indien die boekie oorsigtelik deurgeblaai word, sal die volgende temas uitstaan:

1. Eer, lof, dank en aanbidding aan God die Vader, Sy Seun ons Here Jesus en die Heilige Gees van Vader en Seun.
2. Die uitbreiding en koms van God se Koninkryk
3. Om God se wil te onderskei en dit te doen.
4. Om aandag te gee aan menslike nood en behoeftes en hoe dit bevredig kan word.
5. Oor die vergifnis van 'n sondaar en die sondaar se vergifnis van ander.
6. Die gevaar van die verleiding van satan en satan se ondersteuners.

In kort gaan dit oor die essensies van die lewe soos Jesus dit vir ons aangedui het in die gebed van alle gebede naamlik die *Onse Vader* in Mat.6: 9 tot 13.

Vir wie is hierdie dagstukkies bedoel?

Die volgende groepe persone behoort baat te vind by die lees van hierdie dagstukkies:

1. **Ongelowige mense** wat die eerste keer die Evangelie van verlossing sal hoor.
2. **Valse gelowige**, dit wil sê mense wat dink dat hulle gered is maar wie in 'n gekkeparadys leef en eers by hulle dood sal uitvind dat hulle saak met die Here nooit reg was nie. Dikwels sal van die leuens wat hierdie mense mislei, uitgewys word.

3. **Gelowiges wat teruggeval het.** Dit wil sê mense wat hulle vroeëre passie en liefde vir die Here verloor het.
4. **Onverskillige mense** wat dink dat alles net oor hierdie stukkie lewe gaan en vir wie daar nie eintlik ‘n ewigheidsperspektief bestaan nie.
5. **Pastore, Predikante en Geestelike leiers;** elkeen wat geroep is om ander te leer en moontlik ‘n vars siening van ou waarhede soek.
6. Ten slotte behoort **gelowige kinders van God** ook te baat by die lees van hierdie dagstukkies aangesien dit geskryf word om te bemoedig, hoop te gee, te leer, te versterk en leuens te ontbloot. Dit sal ‘n seën vir gelowiges wees aangesien dit gaan oor die liefde van God, die genade van Sy Seun en die wonderlike teenwoordigheid van die Heilige Gees.

Oor die outeur en finansies.

Die boek word anoniem geskryf. Die doel daarmee is dat alle eer God, vir die skryf van hierdie boek, toekom. Die skrywer was maar net die instrument waardeur God gewerk het. Vandaar dat die skuilnaam *Joas Natan* gebruik word. Joas beteken: *Die Here het gegee*. Natan beteken: *Hy het gegee*.

Die outeur kan gevolglik ook nie aanspraak maak op enige finansiële voordeel uit die druk en verspreiding van die boek nie. Aangesien die boek as ‘n gratis E-boek, vir almal wat belangstel, beskikbaar gestel word, word daar ook geen inkomste uit die boek verdien nie.

5 September 2015 tot November 2023 (Finale samestelling van boek)

Mag God deur die werking van Sy Heilige Gees alle gedagtes wat in hierdie boek opgeteken is, ontsluit soos Hy wil, vir wie Hy wil, wanneer Hy wil.

Joas Natan

10 Junie

Gebed vir die Stadsraad

Kemuel: God bly staande.

Onse Vader wat in die hemel is:

1. Laat die werkers by die Stadsraad asseblief U Naam eer. Help hulle om U te respekteer en te erken.

2. Indien daar nog werkers by die Stadsraad is wat U nie ken nie, sal U hulle asseblief ontvanklik maak vir U evangelie en hulle siele inbring in U koninkryk.

3. Help die werkers by die Stadsraad om te werk volgens U wil. Help hulle om hulle werk so te doen dat U daardeur verheerlik sal word.

4. Sal U vir die werkers by die Stadsraad gee wat hulle nodig het om te doen wat van hulle verlang word. Versorg hulle en seën hulle volgens hulle daaglikse behoeftes.

5. Vergewe ons waar ons nie vir die Stadsraad by U intree nie. Vergewe ons wanneer ons hulle vervloek in plaas van om vir hulle te bid. Help ons om hulle te vergewe waar hulle ons met dienslewering in die steek laat. U weet Vader dat ons ook oneerlik is, dat ons ook versuim om ons pligte uit te voer en dat ons ook soms onbekwaam voel vir wat ons moet doen. Help ons om hulle nie vir hierdie dinge te veroordeel nie.

6. Wees ons, en die werkers by die stadsraad, genadig en behoed ons van die werke van satan, hy wat gedurig daarop uit is om ons te verlei en te mislei.

11 Junie

Geboorte-Wedergeboorte-Doop (1)

Kenanja: Die Here stel vas.

Geboorte, as agtergrond vir die drie boodskappies wat dan volg.

Die geboorteproses, vanaf konsepsie tot die werklike geboorte van 'n baba, is een ongelooflike wonderwerk van God. Kom ons neem nou maar net een aspek van hierdie proses naamlik die Amniotiese sak en die Amniotiese vloeistof binne in die sak waarin die fetus ontwikkel, en kyk hoe die proses verloop.

Bykans direk na konsepsie word die Amniotiese sak om die fetus gevorm. Die hoeveelheid amniotiese vloeistof in die sak bly in verhouding tot die grootte van die fetus toeneem tot op die ouderdom van 28 weke wanneer 'n plato bereik word met 'n inhoudsmaat van ongeveer 800 ml. Dan begin die volume afneem tot op 42 weke by geboorte, wanneer die inhoud omtrent 400 ml. is.

Die Amniotiese vloeistof bestaan hoofsaaklik uit water. Aan die begin is daar 'n klein hoeveelheid elektroliede teenwoordig. Op ongeveer 12 tot 14 weke kom nog elemente by, soos proteïne, koolhidrate en lipiedes. In die Amniotiese vloeistof kom daar ook stamselle voor. Hierdie stamselle het die potensiaal om tot verskillende seltipes te differensieer; seltipes soos brein, lewer en bene. Hierdie Amniotiese vloeistof kan vandag teen groot kostes in bewaring gehou word.

Die Amniotiese vloeistof verskaf noodsaaklike voedingstowwe aan die fetus. Die Amniotiese vloeistof dien ook as buffer tussen die baba en die fisiese wêreld. Die baba word so beskerm teen stampe. Die Amniotiese vloeistof verskaf ook 'n medium waarin die baba kan beweeg. Dit bevorder ook spier en skeletvorming. Dit beskerm die fetus ook teen hitteverlies. Seker die belangrikste werking van die Amniotiese vloeistof is dat dit deur die baba in- en uitgeasem word. Die Amniotiese vloeistof is lewensnoodsaaklik vir die ontwikkeling van die baba se longe. Kort voor geboorte word daar deur chemiese prosesse 'n suiwing van die baba se longe van water aan die gang gesit. Die drukking tydens die geboorteproses help verder om die longe van water skoon te maak. Selfs na geboorte kan die baba nog vloeistof uithoes. Die eerste asemhaling van die baba suiwer die longe van die laaste vloeistof.

Die Amniotiese water is 'n integrale deel van die geboorteproses. Dikwels word van breek van die vrou se water gepraat voor die baba gebore word. Eintlik is die breek van die water 'n proses waarin twee tipes water 'n rol speel. Die voorwater is voor geboorte 'n buffer tussen die baba se kop en die serfiks. Die nawater is bo die baba se kop wanneer die baba se kop ondertoe wys en dit omring die baba se lyf. 'n Aanhaling in hierdie verband is interessant: *Amniotic fluid constantly replenishes itself. So don't worry about having a dry birth.* Nadat die water gebreek het is daar geen seël meer om die baba teen bakterieë te beskerm nie. Wanneer die water breek tydens die skeuring van die Amniotiese sak is dit 'n

aanduiding dat die geboorteproses begin. Dit gebeur ook dat die Amniotiese sak heel bly tot diep in die geboorteproses. So is die Amniotiese vloeistof 'n integrale deel van die geboorteproses. Indien daar te min Amniotiese vloeistof teenwoordig is, kan dit tot ernstige afwykings by die baba aanleiding gee, soos onder andere klompvoete en hande, verwronge ledemate, onderontwikkelde longe en selfs die dood. (Inligting hoofsaaklik uit bronne op die internet verkry)

12 Junie

Geboorte, Wedergeboorte, doop (2)

Kolaja: Stem van die Here.

Wedergeboorte

Noudat ons na een aspek van die fisiese geboorteproses gekyk het, kom ons kyk na die geestelike geboorte van 'n mens, oftewel wedergeboorte.

Die gedeelte, waar Nikodemus in die nag na Jesus toe kom, en Hom kom ondervra oor wat hy moet doen om gered te word, is 'n goeie beginpunt vir 'n studie van wedergeboorte.

Hierdie gedeelte in Johannes 3 vanaf vers 4 lui so:

Nikodemis vra Hom toe: “ Hoe kan 'n mens gebore word as jy al 'n ou man is?

Hy kan tog nie 'n tweede keer in sy moeder se skoot kom en gebore word nie?”

Jesus antwoord: “ Dit verseker Ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie. Wat uit die mens gebore is, is mens; en wat uit die Gees gebore is, is gees.”

Waarom dan wedergeboorte?

Sonde het die sondaarmens geestelik dood gemaak. Indien hy nie weer gebore word nie, sal hy geestelik dood bly. Indien die mens geestelik gebore kan word sal hy weer begin lewe.

Ons het reeds in Johannes 3 gesien dat die mens wedergebore moet word om die Koninkryk van God te kan beërwe.

Hoe vind wedergeboorte plaas?

Soos die fisiese geboorte van 'n mens, is die geestelike geboorte of die wedergeboorte, 'n ingewikkelde proses. By hierdie proses is God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees teenwoordig. Die Woord van God speel ook 'n rol en ten slotte speel die geloof in Jesus Christus ook 'n rol. In 'n sekere mate is hierdie **proses** van die wedergeboorte die Geestelike **Amniotiese Sak** terwyl al die **elemente** van die Geestelike wedergeboorte die **Amniotiese vloeistof** is. Dit wat die Geestelike fetus aan die lewe hou en laat ontwikkel tot 'n geestelike baba is God, Sy Seun, Die Heilige Gees, die Woord van God en die Geloof van die mens. Hierdie elemente verskaf die beginpunt van geestelike ontwikkeling, dit bied beskerming aan die ontwikkelende geestelike fetus, dit beskerm die ontwikkeling, dit voed die geestelike fetus, dit is die asem van lewe vir die geestelike fetus en dit is die groeimedium waarbinne die geestelike fetus tot 'n geestelike baba ontwikkel. Hoe sal ons weet wanneer die geestelike baba gebore is, m.a.w. wanneer die wedergeboorte voltooi is? Die beste bewys sal wees as alles in die wedergebore baba nuut geword het. Die belangrikste wat sal gebeur word vir ons in Titus 3: 5 aangedui:

Hy het ons verlos, nie op grond van iets wat ons vir ons vryspraak gedoen het nie, maar op grond van Sy eie ontferming. Dit het Hy gedoen deur die wedergeboorte wat die sonde afwas, en deur die Heilige Gees wat nuwe lewe gee.

Die essensie van wedergeboorte word hier vir ons vasgevat; die sonde is afgewas en die Heilige Gees gee nuwe lewe.

Die hele wedergeboortegebeure wentel om twee klein woordjies naamlik **geloof** en **vertroue**. Sonder hierdie twee woorde kan daar nie nuwe lewe ontstaan nie. Geloof kom van glo af. Alleen die mens wat kan glo dat dit wat God sê, waar is, kan geloof hê en ook wedergebore word. God is absoluut geloofwaardig. Hy kan nie lieg nie. Hy is waarheid. Hierteenoor staan satan wat die vader van die leuen is. In die paradysverhaal sien ons hoe satan, deur manipulasie van woorde, die waarheid omseil en die leuen gebruik om Eva te mislei. **Deur die leuen te glo het die mens gesterf. Deur God te glo sal die mens weer begin lewe** deur die wedergeboorte waar nuwe Geestelike lewe vir die mens deur God gegee word. Wanneer satan die leuen gebruik om Eva te mislei verwoes hy die vertroue wat die mens in God gehad het. Toe die mens se vertroue weggeneem word deur die leuen, het hy net homself om op te steun. Hy probeer self klere maak. Hy probeer homself beskerm deur weg te kruip. Hy slaag nie in sy eie swak pogings nie en begin vrees ervaar. Sedertdien is die ervaring van vrees die beste aanduiding dat die mens begin terugval, weg van vertroue in God, vasgevang in selfpogings om eie sekuriteite te skep. Die basis van enige verhouding, ook vandag, en veral in

die huwelik, is vertrou. Die basis van hierdie woord is trou. Dit is wat God tussen man en vrou ingestel het. Hy het bedoel dat hulle getroud moet wees. Die basis van hierdie getroud te wees is vertrou in mekaar. Daar is 'n diepte, rykdom, 'n krag in vertrou. Dit is iets Goddeliks. Uit troueloosheid kom die kanker wat die huidige samelewing vernietig en doodmaak naamlik geen trou nie, geen vertrou nie. Kinders word so in saamwoonverhoudings ernstig benadeel en voortbestem om ook weer in vertrouelose verhouding met metgeselle en God, voort te ploeter. Die huwelik is ingestel as 'n voortdurende uitbeelding en herinnering aan die vertrouensverhouding tussen God en Sy kinders, tussen die Bruidegom en Sy aardse bruid. So herinner die huwelik ons voortdurend aan trou, die basis van vertrou, waarsonder niemand weergebore kan word nie.

13 Junie

Geboorte, Wedergeboorte en Doop (3)

Kol-Hose: Een wat alles sien.

Doop

Wanneer iets gedoop word, word dit gewoonlik onder vloeistof ingedompel en weer uit die vloeistof opgelig. Gewoonlik behou dit wat gedoop word 'n gedeelte van dit waarin gedoop is.

In 'n sekere sin het die aarde deur doping ontstaan. Die grond was aanvanklik toe onder die water en moes uit die water gelig word deurdrenk van die water, om bewoonbaar gemaak te word vir lewe.

In Jesaja 64: 1 staan:

As U maar die hemel wou oopskeur en wou afkom-----

Iets hierin klink bekend wanneer na die fisiese geboorteproses gekyk word. Soos die Amniotiese sak skeur en die baba deur water heen gebore word kom Jesus deur die wolke van bo-af deur water heen aarde toe.

So is daar baie ander heenwysings na dopings en geboorte in die Bybel vir ons opgeteken:

Deur die Rooisee word die volk Israel gebore. In 'n sekere sin is Israel as 'n nasie weer gebore in 1948. Toe die skip Exodus met die eerste Israeliëte deur die see die Beloofde Land genader het, is Israel weer deur water heen gebore.

Verdere simboliese verwysings na die doop kan gevind word in die geskiedenis van Jona. Ook hy moes eers deur die water van die walvis se binnegoed gaan (Seewier om sy kop) voordat hy deur die bek van die vis op die droë grond in 'n nuwe lewe gebore is, 'n lewe waarin hy gehoorsaam aan God geword het (Jona 1,2)

Deur water heen kom nuwe lewe. Daarom is dit nie moeilik om die belangrikheid van doop te verstaan nie. In 'n sekere sin sal Jesus se wederkoms na die aarde toe op die wolke (of deur die wolke) die laaste groot simboliese doop wees waardeur die nuwe aarde se koms, aangekondig word.

Nog 'n aangrypende ineenvervlegtheid van doop en geboorte word gevind in ons deurboorde Jesus. Toe die swaard van die Romeinse soldaat in Sy sy ingedruk is, het daar water en bloed uitgekom. By die finale bevestiging van Sy dood het bloed wat uit die wond gekom het, die afsterwe van ons ou mens in Jesus se afsterwe bevestig. Die water uit die wond kan op die deurgang deur die doop dui. So sterf die mens deur water en bloed saam met Jesus aan die ou mens. Hierdie water en bloed het met die grond gemeng. Die grond is dit waaruit die mens ontstaan het. Na die sondeval het die mens sy onsterflikheid verloor en het sy straf op die sonde beteken dat hy sou sterf, met ander woorde weer stof sou word. Die dooie stof aan die voet van die kruis word met bloed en water deurweek. Die dooie stofmens word simbolies met lewegewende bloed en water gemeng. Voor hierdie gebeurtenis plaasgevind het, het Jesus al Sy Gees oorgegee toe Hy Sy laaste asem

uitgeblaas het. Toe Hy die asem uit Sy liggaam in die wêreld inblaas het Hy wel gesterf maar het Hy terselfdertyd die asem van die lewe, die Ruach van die Heilige Gees in die wêreld ingeblaas. Die potensiaal vir Ewige Lewe is in die wêreld ingeblaas met die uitblaas van Sy lewe.

14 Junie

Geboorte, Wedergeboorte, Doop (4)

Konanja: Die Here het verkry.

Geboorte en Wedergeboorte kan gebruik word om die doop te verduidelik. Tydens die doop word die sondes van die ou mens simbolies afgewas wanneer die ou mens simbolies saam met Christus, onder die doopwater sterf (Romeine 6:2).

Hoe kan ons wat dood is vir die sonde nog daarin voortlewe? 3 Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in Sy dood gedoop is nie? 4 Deur die doop is ons immers saam met Hom in Sy dood begrawe, (Ons sterf nie net simbolies saam met Christus onder die doopwater nie, maar ons word ook weer gebore in 'n nuwe lewe in) sodat, soos Christus deur die heerlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei.

Enige mens wat sy longe met water vul is dood. So herhaal die mens wat gedoop word simbolies die geestelike afsterwe van die ou mens wanneer hy onder die doopwater ingaan. Hy kan nie onder die water asemhaal nie. Net die ongebore mens, kan onder die water asemhaal soos die fetus in die Amniotiese sak wanneer hy die amniotiese vloeistof in sy longe opsuig. Onder die doopwater word die ou mens afgelê, sterf hy saam met Jesus wanneer hy in Jesus se dood gedoop word. Wanneer die mens uit die doopwater opstaan en sy eerste asemteug neem, staan hy saam met Jesus op in 'n nuwe lewe. Die eerste asemteug van die wedergebore geestelike baba is soos die van 'n baba wat gebore word, en die Amniotiese

vloeistof agterlaat, en suurstof begin inasem. Die geestelike nuutgebore baba trek die asem van God in, die wind, wat die Ruach van God is, die Heilige Gees van God, God se asem wat ewige lewe gee. Hy begin saam met Christus lewe soos hy saam met Christus gesterf het.

Geboorte en wedergeboorte, is dan in die doop in Christus se **dood** en die doop in Christus se **opstanding** met die inaseming van Sy Gees, voltooi.

15 Junie

Geduld en Vergifnis

Kuriake: Kerk- Van die Here.

‘n Man, ‘n ou man, het onlangs vir hom ‘n paar skoene gaan koop. Hy het by ‘n groot afdelingswinkel sy inkopies gaan doen. Dit was net voor Kersfees. Na baie gesukkel en aanpas het hy uiteindelik die regte paar skoene onder sy arm gehad en aangestryk na die kassiere toe om te betaal. Soos te wagte was die tou waarin hy moes inval maar aan die lang kant. Nadat hy sowat tien minute in die tou gestaan het sonder om nader aan die kassiere te beweeg, het hy agtergekom dat daar net twee kassiere besig was om ‘n massa mense te bedien. Toe ‘n afdelingshoof van die winkel verbystap het hy haar gevra wat die probleem is dat daar so min kassiere aan diens was. Sy het hom ‘n kortaf antwoord gegee. Hy vererg hom, gooi die skoene in die naaste onbemande trollie en sê: *as dit is hoe julle besigheid doen, stel ek nie belang nie.* Hy stap toe by die deur uit, ongelukkig.

Is dit ‘n storie waarmee jy miskien kan identifiseer? Indien dit die geval is, is dit werklik jammer, veral as jy ‘n Christen is.

In Galasiërs 5: 22 word as deel van die vrug van die Heilige Gees in iemand se lewe, die vrug van *Geduld* genoem. Geduld word in *Die Boodskap* in hierdie gedeelte soos volg omskryf: *Hulle verdra ander mense sonder om ooit lelik met hulle te wees.* In Galasiërs 5: 20 word die leefwyse van die mense wat sonder God

se Gees lewe, genoem. Hier word dinge genoem soos *aggressie, stryd, verdeeldheid en selfsug*.

Indien ons in die lig van hierdie Bybelgedeeltes nou weer kyk na die ou man se optrede is dit nie moeilik om te bepaal by watter een van hierdie twee groepe, sy gedrag hom plaas nie. Die verskriklikste woorde staan in Gal. 5: 21 ten opsigte van persone wat so optree: *Ek waarsku julle, soos ek julle al voorheen gewaarsku het, om nie soos hierdie mense (die sonder geduld) te leef nie. ONTHOU MENSE WAT SO LEEF, SAL NOOIT 'N PLEK KRY IN GOD SE NUWE WÊRELD NIE.*

In Mat. 6: 11 staan: *Vergewe ons waar ons nie doen wat U van ons vra nie, net soos ons ander mense vergewe wat nie reg teenoor ons optree nie.* Het die ou man aan hierdie woorde van Jesus gedink toe hy hom vererg het, het hy vir 'n oomblik aan vergifnis gedink? Het dit by hom opgekom dat Jesus hom soveel meer vergewe het as die uitdaging waarvoor hy te staan gekom het om die afdelingshoof te vergewe, wie hom kortaf geantwoord het? Heel moontlik nie. Wie dink dan nou daaraan dat vergifnis nie net vir groot dinge is nie, maar dikwels vir klein dingetjies waarin ander teenoor ons oortree en ons kwets. So jammer dat dit die geval was by die ou man want net nadat Jesus die *Onse Vadergebed* vir Sy dissipels geleer het, kies Hy om een ding van hierdie gebed besonderlik vir Sy dissipels te onderstreep: Mat. 6: 14. ***AS JULLE MENSE VERGEWE WANNEER HULLE IETS VERKEERDS TEENOOR JULLE GEDOEN***

***HET, SAL JULLE HEMELSE VADER OOK JULLE SONDES VERGEEF.
MOET EGTER NIE DINK GOD SAL JULLE SONDES VERGEWE AS
JULLE NIE BEREID IS OM ANDER MENSE TE VERGEEF NIE.***

Oppas om nie die pad van die ou man te loop nie.

Kerst: Gesalfde.

Daar kom tye wanneer God jou geestelik besonder baie seën. Dit is tye wanneer die Woord dikwels en duidelik tot jou spreek, jou aanspreek. Dit is dan ook die tye wanneer jy geestelik vinnig groei. Dit is die tyd wanneer jy besonderlik naby aan God kom. Hierdie is die uitstaantye, die tye wat jy later as ruswaterstye (Psalm 23) moet aanvaar. Dit is die tyd wanneer reserwes opgebou word.

Hierdie tye is nie die tyd wat satan graag in jou lewe wil sien nie. Hierdie tye is uiters bedreigend vir sy agenda met jou lewe. Dikwels gaan hierdie tye, wanneer jy so naby aan God kom, met besondere uitdagings gepaard. Dit is dikwels tye wanneer jy jou diepe afhanklikheid van God besef. Sulke tye het dikwels met krisisse te make. Dikwels is daar 'n finansiële krisis want in tye van finansiële voorspoed mag dit maklik gebeur dat ons onafhanklik voel en dit vir ons voel of ons niemand anders nodig het nie. Die mens se natuurlike neiging is tog maar na onafhanklikheid en selfgenoegsaamheid toe. Hierdie neiging by die mens maak hom maklik uitbuitbaar deur satan se slinkse verleiding. Wanneer die mens ryk en onafhanklik is, is daar 'n wesentlike gevaar dat hy geestelik arrogant mag word.

'n Diep geestelike verhouding met God is altyd vanuit 'n posisie van afhanklikheid. 'n Groot gevaar tree in wanneer die mens aan sy dieper geestelikheid begin gewoond raak, begin aanvaar dit is hoe dit moet wees, minder

van God afhanklik begin voel, en selfs begin voel dat hy in beheer van sy geestelikheid kom. Dit gebeur gewoonlik in tye wanneer hy voel dat hy genoeg Bybellees en genoeg bid, en genoeg goeie dinge doen. Die gevaar word dan groot dat die mens sy onafhanklikheid kan verloor en so geestelik vlak en arrogant kan word.

Die grootste gevaar, vir geestelike arrogansie, is egter opgesluit in die mens se geneigdheid om in tye van geestelike groei, op medegelowiges te begin neersien. Bloot omdat gevoel word dat ander geestelik minderwaardig is. Om met ander woorde 'n geestelike meerderwaardigheid te ontwikkel. So kan jy 'n sterk kritiese houding teenoor medegelowiges, wat kwansuis nie op jou geestelike vlak is nie, begin ontwikkel. Nie net teenoor gelowiges nie maar ook teenoor instellings kan 'n kritiese houding ontstaan. Hier eindig dit nie want jou kritiek kan ook leerstellings binne in jou kerk begin insluit, dit mag selfs jou leraar en gebruike in jou kerk insluit. Kritiek is maar net die begin, want uit die kritiek kan daar nou maklik konflik begin ontstaan, veral wanneer jy jou geestelike meerderwaardigheid op ander begin afdwing. So kan uiteindelik skeuring en selfs innerlike verskeuring kom.

Hierdie gevoel van, net ek is reg, my eie geestelike meerderwaardigheid, my eie hoë insigte, mag my so verstrengel dat ek met my insigte my eie god begin word. Gelukkig is die mens wat die verleiding van sy eie geestelike arrogansie kan

insien, hom kan bekeer, sy afhanklikheid van God, vir alles, weer kan begin besef en homself so kan verloën.

17 Junie

Gehoorsaamheid

Kersfees: Fees van die Gesalfde.

Die kernelement in die mens se verhouding met sy Skepper is *gehoorsaamheid*. Voordat ons dieper op hierdie stelling ingaan, kom ons kyk eers na wat gehoorsaamheid is. In die *Oxford Dictionary* word die woord *obedient* soos volg omskryf:

Submissive to superiour`s will.

Submit word verder soos volg omskryf:

accept without resistance the orders or treatment or lot met with.

Die wese van gehoorsaamheid kan dus saamgevat word as *die onderwerping aan 'n hoër gesag en die aanvaarding van hierdie gesag sonder dat weerstand daarteen gebied word.*

Teen hierdie agtergrond wil dit dus voorkom of satan se ongehoorsaamheid, teenoor God, te make het met 'n onvermoë om God se hoër gesag te aanvaar en homself aan God te onderwerp. Satan het juis weerstand teen God se gesag openbaar.

Die eerste mense se ongehoorsaamheid het dan in wese met dieselfde saak te make; hulle het weerstand teen God se gebod gebied. Hulle was nie bereid om God se gebod te aanvaar nie. Hulle het weerstand teen God openbaar. Hulle was nie bereid om hulle aan God se wil te onderwerp nie. Hulle eie wil en eie gesag,

het 'n hoër appél tot hulle gerig, as God se opdragte. Hulle gebrek aan 'n wil tot onderwerping het hulle die ewige lewe gekos.

Sedert die eerste mens se val, het die mens net voortgegaan om in opstand teen God se wil te kom, en het hy aanhou weier om hom aan God se wil te onderwerp. Sy eie wil, en wat hy wil doen, het altyd hoogty gevier. So is die verhouding tussen God en die mens verwoes. Dwarsdeur die Ou Testament is die gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid van God se volk, die sentrale tema. Telkens wanneer Israel hom bekeer het en bereid was om hom aan God se gebod te onderwerp, het hulle geweldige voorspoed geniet. Die oomblik wanneer hulle in opstand hierteenoor God gekom het, en nie meer bereid was om hulle aan God se gesag te onderwerp nie, het hulle ellendes begin.

Aan wat moet die mens in wese gehoorsaam wees? God spel dit duidelik vir die mens uit: *Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele wese en jou medemens soos jouself (Mark 12:33)*. Nou wat beteken dit om lief te hê? Jesus antwoord self hierdie vraag wanneer Hy sê dat iemand wat werklik lief is vir iemand anders bereid is om sy lewe vir daardie persoon af te lê. Ons gehoorsame lewens sal dan gekenmerk word deur die voortdurende kruisiging van die self in belang van God en ons medemens.

Hoe is dit moontlik? Hoe kan 'n mens dit regkry?

Dit is slegs wanneer die ou mens, die ongehoorsame mens, saam met Christus gekruisig word, die nuwe mens uit die doopwater opstaan en God die eerste

lewensasem van die wedergebore lewe in hom inblaas. Alleen wanneer God dit wat Hy vir die mens gedoen het bevestig en verseël met Sy Heilige Gees, kan hierdie dinge begin gebeur. Dan kan die eerste deel van die vrug van die Heilige Gees, naamlik *liefde*, in die mens se handel en wandel sigbaar word.

Daarom is dit nodig om aan die opdrag in Galasiërs 5 uitvoering te gee, en die Heilige Gees toe te laat om jou gedagtes, woorde en handeling te beheer, te bestuur en te lei.

Vir hierdie hele proses is daar 'n wonderlike bemoedigende woord vir die mens in Filipense 2: 13 *Dis mos God wat julle gewillig maak om te doen waarvan Hy hou, en Hy gee vir julle ook die vermoë om dit te kan doen(NLV).*

Op hierdie manier kan die gehoorsaamheidsverhouding met God herstel word.

Kyrië Eleison: Heer skenk medelye, erbarm U.

In die jaar 2015, speel geld 'n belangrike rol in mense se lewens in Suid-Afrika. In watter tyd het geld nie 'n belangrike rol in mense se lewens gespeel nie? Aangesien die Bybel ons waarsku teen die liefde vir geld, wil dit voorkom of geld al in Bybelse tye 'n groot rol in mense se lewens gespeel het. Waarom waarsku die Bybel ons teen liefde vir geld? Dalk is dit omdat mense om verskeie redes baie waarde aan geld geheg het. Kom ons kyk na van hierdie redes waarom mense geld najaag.

1. Geld laat 'n mens **onafhanklik** voel. 'n Mens dink dat wanneer hy genoeg geld het, sal hy ander mense nie meer nodig hê in sy lewe nie, en sal hy kan doen wat hy wil.
2. Die mens het die persepsie dat geld jou lewe baie **gerieflik** kan maak. Jy sal nie meer nodig hê om jouself in te span indien jy genoeg geld het nie.
3. Geld het vir mense 'n simbool van **status** geword. Jy glo mense sal na jou opsien en jou hoog ag, indien jy geld of die simbole van geld kan vertoon.
4. Mense dink geld kan **plesier en geluk** koop. Hoe meer geld jy het hoe meer kan jy jouself geniet.

5. Omdat die meeste mense soortgelyke persepsies om geld het, glo die mens dat baie geld **jou iets besonders maak**. Dit word gebruik om die mens se selfbeeld mee te bou.
6. Die mens glo ook dat geld jou **vry maak**. Al die dinge wat jy nou noodgedwonge moet doen om te oorleef, sal met oorvloed geld nie meer nodig wees nie. Jy sal kan doen wat jy wil.
7. Geld beteken ook vir die meeste mense **mag en invloed**.
8. Saam met die mag wat die mens glo hy met geld verkry, glo hy ook dat hy meer **beheer**, oor homself en ander se lewens kry.
9. Geld is dan ook vir die mens **sekuriteit**. Met geld kan hy alles koop en alles doen en alles regmaak.
10. Indien die mens net genoeg geld het voel **hy sal hy God ook nie meer nodig hê in sy lewe nie**.

Samevattend kan geld dan so die mens se god word. So 'n mens het niks en niemand anders in sy lewe nodig nie. Hy moet net genoeg geld hê.

Elkeen van bogenoemde punte plaas die mens in die middelpunt van sy eie bestaan. Dit gaan dan in die lewe alles net oor homself. Die tragiese is dat al tien punte wat genoem is eintlik leuens is. Satan is die vader van die leuens en hy het dit goed gedink om die mens met die tien leuens omtrent geld te verlei. Kom ons kyk na wat die waarheid ten opsigte van bogenoemde punte is.

- 1 **Geld maak jou nie onafhanklik nie.** Jy word baie afhanklik van geld, om geld te maak, bymekaar te maak en nooit 'n versadigingspunt ten opsigte van geld te bereik nie. Die behoefte aan geld maak jou afhanklik van geld.
- 2 Geld kan tot 'n mate gerief koop. Gewoonlik gaan saam met baie geld ook baie mense wat van jou afhanklik is. Baie monde moet gevoed word. **Die bestuur van baie geld kan ook ongemaklik raak** en baie bekommernisse inhou. Die meeste mense met 'n westerse lewensstandaard lewe baie gerieflik, al het hulle nie baie geld nie.
- 3 Geld het net 'n **statuswaarde** onder mense wat self deur die leuen van geld aangetas is. Mense met ware geestelike waardes sal selde deur eimand se geld beïndruk word.
- 4 Baie geld is nie noodwendig sinoniem met geluk en plesier nie. **Baie mense met geld het nie die vermoë om hulle geld te geniet nie.** Daar is talle voorbeelde van mense met baie geld wat sielsongelukkig is. Hierteenoor is daar baie mense met min geld wat baie gelukkig is en in klein dingetjies baie plesier ervaar.
- 5 Kan geld jou 'n goeie selfbeeld waarborg? Natuurlik nie. **Daar is baie voorbeelde van ryk mense met 'n uiters swak selfbeeld.** Dikwels is die swak selfbeeld juis dit wat die mens gedryf het om deur die bymekaarmaak van geld te voel dat hy iets besonder is. Daar is baie

gelowige arm mense wat hulle eiewaarde in hulle verhouding met God vind.

6 **Ware vryheid** word nie in geld gevind nie maar in Jesus wanneer Hy jou vrymaak van sondes. Alleen so kan jy waarlik vry wees.

7 Die mens se **mag** is uiters beperk. God is die bron van Krag en Mag. Die mens is op sy beste maar net 'n kanaal vir die krag en mag van God.

8 Die mens soek na **beheer** oor homself en ander mense en glo dit kan deur 'n oorfloed geld bekom word. Die mens wat beheer oor ander soek, het egter 'n inherente gebrek in homself. Hy sal vind dat ware beheer begin by selfbeheersing. Ware selfbeheersing is 'n vrug van die Heilige Gees en nie van geld nie.

9 Die **sekuriteit** wat geld bied is maar baie beperk en daar is talle voorbeelde van mense wat oornag al hulle geld verloor het.

10 Die grootste leuen om baie geld is dat jy nie meer God nodig het nie.
Die toegang tot die hemel kan nie met geld gekoop word nie.

Oppas vir die leuens wat satan om geld geweef het.

Kedoosh Jisrael: Heilige van Israel.

Daar is min aspekte van 'n mens se lewe wat nie deur **selfverloëning** of **selfsug** beïnvloed word nie. Dit is egter amper ondenkbaar dat selfs geloof deur hierdie twee sake geraak word. Die vraag ontstaan of 'n mens se geloofslewe dan ook op selfsug of selfverloëning kan dui?

Indien 'n mens die gedeelte in die *Bybel in Praktyk* waar Abraham se geloofslewe bespreek word(p.41) deurgaans, blyk die volgende:

Geloof is dus primêr nie 'n vertroue dat God aan my begeertes sal voldoen nie. Geloof is in wese 'n vertroue in God self, dat Hy, wat ook al gebeur, in beheer is, my ondersteun, en op pad is met Sy koninkryk en die mensdom- selfs al kan ek nie die sin verstaan of die rigting waarin Hy beweeg, onderskei nie. Geloof is 'n aanvaarding dat ek geroep is om 'n bousteen in God se koninkryk te wees en dat die hemelse Bouer presies weet waar Hy my moet gebruik, selfs al kos dit my offers en smarte. Want ten laaste is dit nie wat ek bereik of wat ek in die lewe ervaar wat belangrik is nie, maar of ek my funksie as God se instrument effektief kan vervul. So gesien raak geloofsvertroue die wese van 'n mens se bestaan.

Om te glo, is dan 'n oorgawe van my wil, 'n aanvaarding van God se wil, 'n aanvaarding van Sy plan vir die lewe van die mens, eintlik van Sy volk se toekoms, die aanvaarding van 'n groter plan vir die wêreld waarin my lewe maar

‘n nietige onderdeel vorm. Geloof is dan die aanvaarding dat die eer van Sy Naam, dit is, waaroor alles werklik gaan, en dat ek deel van hierdie plan van God is. Dit is ook die aanvaarding dat alles hier op die aarde gaan oor die herstel van Sy koninkryk en nie die uitbouing van my koninkryk nie. Geloof is dan ook die aanvaarding dat Sy wil moet plaasvind want Hy is God, Hy weet die beste en ons is primêr hier om Sy wil te doen. So is geloof dan iets wat in God setel, iets wat in God is, iets wat buite die mens se belang om, reik na God se belang toe.

Wanneer die mens op God probeer vertrou om sy eie begeertes te bevredig, wanneer die mens probeer om God te manipuleer om sy eie wil op sy eie tyd gedoen te kry, gaan die essensie van, om In God te glo, verlore. Dan word geloof net ‘n poging om God te gebruik om die mens te dien, om die mens te verheerlik, om die mens se koninkryk uit te bou en om die mens se wil te laat plaasvind. Dan het die mens sy geloof verloor en word dit wat hy geloof probeer noem net selfsugtige selfbevrediging. Ja, so word geloof dan geloof in die self-god. So dien die mens dan selfhandhawing en nie selfverloëning nie.

Lael: Behoort aan God.

Die Woord sê *dat sonder geloof dit onmoontlik is om God te behaag* (Hebr.11:6). Sonder geloof sal niemand gered word nie. Deur geloof kom alles in die gelowige se lewe tot stand. Deur geloof ontvang die sondaar vergifnis van sonde. Deur geloof word mense genees. Deur geloof word ons deur ons lewenskrisisse gedra. Sonder geloof is ons afgesny van God en is ons aangewese op die wankelrige self (Basies is dit die boodskap van die hele Bybel, o.a. saamgevat in Rom. 4).

Indien jy nie kan glo nie, is jy uitgesluit van God se genade. Sonder geloof kan jy nie aanvaar dat die offer van lyding en van sterwe, wat Jesus vir sondes gebring het, ook vir jou bedoel is nie. Jy verwerp deur jou ongeloof wat God van Sy Seun gesê het, en so maak jy God tot leuenaar. Jy verwerp deur jou ongeloof drie getuienisse aangaande Jesus; die getuienis van die water, die getuienis van die bloed en die getuienis van die Heilige Gees (1 Johannes 5: 6 tot 9). Volgens hierdie gedeelte kom Jesus deur die water van Sy doop en die bloed van Sy dood na ons toe. Die Gees is die getuie daarvan. Hoe kom Jesus deur die water van die doop na ons toe? Jesus is uit water gebore uit Sy moeder, Maria. So is ook elke mens gebore uit water. Jesus het egter vir Nikodemus gesê dat indien 'n mens nie weergebore word nie sal jy nie in die koninkryk van God ingaan nie. Om vir ons hierdie wedergeboorte te illustreer, het Jesus self deur die water van die doop ter wille van ons beweeg. So word die bekeringsdoop 'n wonderlike

geloofsversterker. Na hierdie heerlike gebeurtenis van Jesus se doop, kon die mens as teken van sy wedergeboorte, ook deur die water van die doop gaan.

Indien 'n mens nie genoeg geloof het om in sy eie redding te glo nie, kan hy nie in evangelisering glo nie. So 'n mens sal geen passie vir die inbring van siele hê nie. Hy glo doodgewoon nie dat die bloed van Jesus sy eie sondes kan afwas nie, wat nog van die sondes van ander mense.

'n Groot gevaarlik vir ongeloof, is die onvermoë om ander wat teenoor jou oortree te vergewe. Wanneer jy nie ander vergewe nie, plaas dit 'n groot vraagteken oor die feit of jy jou eie vergifnis aanvaar het. Indien jy weet en glo dat jy van jou massas sondes vrygespreek is, is dit relatief maklik om die klein ootredinkies teenoor jouself, te vergewe. Hoe is dit moontlik om self vergifnis te ervaar maar dan so harteloos te wees om ander vergifnis te weier? Indien jy weet en ervaar dat jy van jou sondes kwytsgekeld is, sal jou hart so vol wees van dankbaarheid en liefde teenoor jou Hemelse Vader, dat jy met vreugde ander sal vryspreek. Indien jy egter nie self ware vergifnis vir jouself ervaar het nie, is dit heel logies dat jy in liefdelose verbittering ander, hulle ootredings ook nie sal vergewe nie.

Waar geloof die afhanklike erkenning van die eie onvermoë tot redding is, is ongeloof 'n selfverheffende, arrogante, trotse verklaring dat jy self kan regkom en God nie vir jou redding nodig het nie. Die tragiese van so 'n lewe word in die volgende woorde vir ons uitgespel in Gal. 4: 2: (Amplified Bible)

For if you distrust Him, you can gain nothing from Him.

Indien jy geloof ontvang het, koester dit bo alles. Leef elke oomblik in gelowige afwagting.

Lagai-Roi: Fontein van die Lewende.

Indien jy God nie kan **glo** nie, kan jy nie gered word nie. Indien jy Jesus en sy dood en opstanding nie kan **vertrou** vir jou redding nie, kan jy nie gered word nie.

Om te **glo** en te kan **vertrou** is die wesentlike, die noodsaaklike, die onontbeerlike vir redding. My ouma het net voor haar dood altyd gesê: *My ou kindjie, as ek net my **geloof** kan behou.* Die ou dame het hierdeur soveel wysheid openbaar. Kom ons kyk dan na enkele dinge wat ons **geloof** en **vertrou** kan opbou en versterk.

1. 1 Johannes 5: 11 tot 13 is seker van die mooiste woorde in die Bybel: *God het vir ons die ewige lewe gegee, en die lewe is deur Sy Seun. Wie die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het ook nie die lewe nie. **Hierdie brief skryf ek vir julle sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo.***
2. Hebreërs 11: 3 tot 6. In hierdie gedeelte word daar verwys na voorbeelde van alles wat in **geloof** vermag is; ons kan **glo** dat God die heelal geskep het deur net te sê dat dit daar moet wees, Abel kon deur **geloof** 'n beter offer bring as Kaïn, Henog is in die hemel opgeneem sonder dat hy gesterf het. Dan volg hierdie aangrypende woorde in vers 6: *Dit kan nie gebeur as 'n mens nie op God **vertrou** nie. En daar is 'n goeie rede voor: 'n mens sal God net soek en na Hom toe gaan as jy*

oortuig is, en **vertrou** dat Hy daar bestaan **en** dat Hy mense wat na Hom toe kom met oop arms ontvang. Natuurlik moet jy dan self ook kom.

3. Romeine 8: 1: *Goeie nuus! God se oordeel is vir altyd verby vir elkeen wat aan Jesus Christus behoort. Dit is alles aan die Heilige Gees te danke. Sy nuwe wet waarborg nou splinternuwe lewe in Jesus Christus vir my. Die Gees maak my vry van die neerdrukkende wet van die sonde en die dood. Hy breek daardie magte se houvas op my lewe vir altyd.*
4. Hebreërs 10: 35 tot 39: *Moet dus nie toelaat dat daar 'n krakie in julle vertroue op God kom nie. Wie op God bly vertrou, sal 'n groot beloning by Hom kry. Julle moet tot elke prys vasbyt. As julle so aanhou om te doen wat God wil hê, sal Hy sorg dat julle kry wat Hy beloof het. In die Skrif sê God: **Dit is nog net 'n baie kort rukkie, dan kom Hy wat moet kom. Hy sal nie lank draai voor Hy kom nie. Die persoon wie se saak met My reg is omdat hy op My vertrou, sal saam met My leef. Maar as iemand se moed hom begewe en hy nie meer vir alles kans sien nie, moet hy nie verwag dat Ek met hom tevrede sal wees nie. Ons is nie van die soort wat bang word en so ons plek by God verloor nie. Ons bly op Hom **vertrou** en sal saam met Hom vir ewig leef.***
5. Hebreërs 12: 1 tot 3: *Die lewe is soos 'n wedloop. Op die pawiljoen het ons 'n skare mense wat voor ons met **geloof** en **vertroue** in God geleef het. (2) Laat ons maar net die wedloop hardloop deur op God te **vertrou***

*en Hy sal ons tot aan die einde daarmee help, sodat ons **geloof** sal bly wat dit behoort te wees. Dink aan Sy voorbeeld. Die skande en die vernedering van die kruis was nie vir Hom te veel nie. Hy het dit alles verdra omdat Hy geweet het dat daar soveel blydschap daarna vir Hom wag. (3) Hou Hom gedurig in gedagte. Dink aan alles wat Hy moes deurmaak, ja, aan al die slegte dinge wat die sondige mense aan Hom gedoen het. As julle Sy voorbeeld volg, sal julle nooit moedeloos word en tou opgooi nie.*

Lemuel: Behoort aan God.

6. *Dr. Hennie Prinsloo: Preek op Kruiskyk: 5 September 2010:* Een derde van die Bybel bestaan uit profesieë. Daar is 31, 124 versies in die Bybel. Van hierdie versies is daar 8352 wat oor profesieë handel. Net 4 boeke van die 66 Bybelboeke bevat geen profesieë nie: Rut, Hooglied, Filemon en 3 Johannes. Oor die 18,000 keer word in die Bybel voorspel dat Jesus weer na die aarde toe sal terugkom. Die Bybel is die enigste boek van al die godsdienste wat voorspellings bevat. Die Koran het een voorspelling naamlik dat Mohammed na Mekka sal terugkeer. Dit is amper soos om te voorspel dat jy na werk weer na jou huis toe terug sal kom. Die Bybel voorspel nie net nie. Van die meer as 1000 voorspellings in die Bybel is 500 reeds bewaarheid. Die ander 500 het met Jesus se wederkoms te make. Wanneer voorspel word, en net een van die voorspellings word nie bewaarheid nie, verloor die voorspeller sy geloofwaardigheid soos dit was in die geval van Nostradamus en Siener van Rensburg. Die Bybel het 'n onbesproke rekord. Alles, letterlik elke ding wat in die Bybel voorspel is, het op die bestemde tyd waar geword. Die Bybel is absoluut betroubaar. Jy kan maar waag om die Bybel te glo. 'n Professor in Wiskunde het saam met 600 studente statisties bereken wat die kans is om 8 dinge van 'n baba wat nog

denkbeeld vorm van wat die kans is om 456 dinge van 'n kind oor 'n tydperk van 1500 jaar te maak en absoluut alles reg te voorspel nie.

Glo jy nou in die Bybel? Indien nie, sal niks jou kan oortuig nie.

7. 2 Korintiërs 3: 14 tot 17: *Maar hulle (die Israeliete) was blind vir dit wat God doen. Tot vandag toe gaan dit so met hulle. ----Daar hang nou nog 'n sluier oor hulle gesig. Net Christus kan dit wegvat. ----Wanneer hulle hulle tot die Here bekeer, word hierdie sluier voor hulle gesigte weggevat. Dan begryp hulle wie die Here regtig is. Die Here is Gees. Hy is 'n lewende werklikheid, en nie maar net Iemand wie se Naam in 'n wetboek geskryf staan nie. Oral waar die Gees van die Here aan die werk is, word mense regtig vrygemaak. Ons almal **wat glo**, is nou vry.*

Levi: Hy wat God aanhang.**Nog geloofsversterkers:**

8. Johannes 3: 16 (Amplified): *For God so greatly loved and dearly prized the world that He(even) gave up His only begotten Son, so that whoever **believes** in (**trusts** in, **clings** to, **relies** on) Him shall not perish(come to destruction, be lost) but have eternal(everlasting) life.*
9. Romeine 5: 3: *Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van **geloof**, en egtheid van **geloof**, kweek hoop; en die hoop beskaam nie, want God het Sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het. 1 Petrus 1: 6 tot 9: Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle vir 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings sodat die egtheid van julle **geloof** getoets kan word. Julle **geloof** is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan.*
10. Romeine 10: 9: *As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart **glo** dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart **glo** ons, en ons word vrygespreek; met die mond bely ons en ons word gered.-----en Hy seën almal wat Hom aanroep, ryklik, want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.*

11. Romeine 10: 16: *Die Israeliete het egter nie almal aan die goeie boodskap gehoor gegee nie. Jesaja sê immers: Here wie het die prediking **geglo** wat ons gehoor het? _Die **geloof** kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat 'n mens hoor, is die verkondiging van Christus.*
12. Daar is vir jou pos. Het jy al jou posbus oop gemaak? Paulus het tweeduisend jaar gelede 'n brief aan jou geskryf. Hierdie brief is opgeteken in I Korintiërs 1 vanaf vers 1 en verder: *Van Paulus aan almal, waar hulle ook al mag wees, wat die Naam aanroep van Jesus Christus, hulle Here en ons Here. Roep jy die Naam aan? Wel dan is hierdie brief vir jou geskryf. In hierdie brief word in vers 3 dan persoonlik met jou gepraat wanneer Paulus die volgende seën oor jou uitspreek: *Genade en vrede vir jou van God ons Vader en die Here Jesus Christus.* In vers 4 en verder praat hy persoonlik met jou. Aanvaar dit en glo dit. Maak jou hart oop vir hierdie woorde: *Ek dank my God altyd oor jou vir die genade wat Hy aan jou geskenk het, want in Hom het God jou in **alles ryklik geseën**, veral in die gawe van woord* (*Amplified: to speak of your **faith***) en kennis.*

My boetie en my sussie; hierdie gedeeltes is vir jou bedoel. Moenie dat dit by jou verbygaan nie. Luister met jou hart. Laat toe dat die Heilige Gees al die oortuigingswerk in jou doen. Geloof is immers 'n genadegawe van God.

Vat dit. Dit is joune. Dit is verniet. Moenie dink en redeneer nie. Dit is nou genadetyd. Moenie die geleentheid om te kan glo by jou laat verbygaan nie.

24 Junie

Gelowiges wat verlore gaan.

Maëndai: Versiersel van die Here.

As ons tot geloof in Jesus kom, is ons sondes vergewe en word ons siele gered. Die Bybel is vol van hierdie blye boodskap.

‘n Gelowige is ‘n mens wat tot geloof gekom het.

Hoe kan ‘n gelowige, ‘n mens wat glo, dan verlore gaan?

‘n Mens gaan verlore as jy nie meer kan glo dat Jesus vir al jou sondes geboet het nie. Dan word jy ‘n ongelowige.

Die vraag wat nou ontstaan is hoe kan jy jou geloof verloor?

Geloof is uit die **gehoor** (Rom. 10:17) en die gehoor is uit die kennis van God se Woord. Indien jy dus nie hierdie woord genoeg hoor, soos wanneer jy dit nie genoeg lees en oordink nie, of as jy te min na woordverkondiging luister, kan jou geloof begin wankel.

Wanneer jy die skild van geloof nie genoeg opneem nie, met ander woorde as jy nie jouself **oefen** in oorlogvoering teen die aanslag van satan nie, sal jy onbedrewe wees wanneer jy die skild van geloof moet opneem en sal die vyand, die ou satan, jou maklik met sy aanslae kan beseer.

Geloof is ‘n genadegawe van God. Hy wil dit vir jou gee. Indien jy nie bereid is om dit **uit Sy hand** op ‘n gereelde basis te ontvang nie, gaan jou geloof opraak.

Jy moet dus in God se teenwoordigheid gereeld kom, jy sal jouself, en dit wat jy kan doen, moet verloën, en jouself aan Hom **onderwerp** en dit wat Hy vir jou wil gee, met dankbaarheid uit Sy hand ontvang.

If you don't use it you loose it, is 'n Engelse uitdrukking wat ook ten opsigte van geloof waar is. Indien jy nie die bietjie geloof wat jy het gebruik nie, sal jy ook hierdie bietjie geloof verloor. Wanneer **jy bereid is** om op God te vertrou vir groot dinge sal jou geloof ook groot word. Ons moet dus op 'n daaglikse basis die geloof **gebruik** om dit te behou, en te laat toeneem.

Die grootste gevaar vir geloof is egter sonde. **Sonde breek geloof af**. Indien jy in een of ander sonde volhard, kan jy seker wees dat dit al moeiliker sal word om te glo dat Jesus jou daardie sonde vergewe. Sommige sondes is gevaarliker vir 'n spesifieke persoon, as ander sondes, ten opsigte van die vermoë om te bly glo dat Jesus daardie sonde vergewe. Jesus self noem een van hierdie besonder gevaarlike sondes vir geloof by name. Hy sê in Mat. 6: 15 die volgende: *Moet egter nie dink God sal julle sondes vergewe as julle nie bereid is om ander mense te vergeef nie*. Die sonde van onvergewensgesindheid is juis een van daardie sondes wat dit baie moeilik vir geloof maak. Hoe kan jy glo Jesus vergewe jou sondes, as jy nie bereid is om ander mense te vergewe nie?

Wanneer 'n mens bewus is dat dit wat jy doen verkeerd is, en jy steur jou nie aan die Heilige Gees se teregwysing nie, sal dit al moeiliker word om te glo dat Jesus jou vergewe.

Sonde kalwe geleidelik jou geloof, totdat jy later so afgestomp raak dat jy net nie meer omgee nie. Jou onverskilligheid bring jou dan op die punt waar dit net nie meer belangrik is om te glo nie. Dan word die toestand van ongeloof maar net 'n gemaklike manier om deur die lewe te beweeg sonder dat jou gewete jou verder aanspreek.

Sondes kan jou ook weerhou om tot geloof te kom. Die groot genade van God kom juis te voorskyn wanneer jy deur die werking van Sy Gees, oortuig raak dat sondes verkeerd is, dat jy daarvan ontslae wil raak en vrede in God begin soek.

Waarom sal 'n mens dan die kosbaarheid van sy geloof en sy redding van sy siel deur ongeloof laat bedreig?

Maäseja: Werk van die Here.

Matteus 5: 3 tot 11(NLV)

3. Gelukkig is die mens wat weet hoe nodig hulle God het, want hulle het deel aan Sy koninkryk. Of

Diep ongelukkig is die mense wat sonder God probeer klaarkom en nie weet hoe nodig hulle God het nie want hulle het nie deel aan Sy koninkryk nie.

4. Gelukkig is die treurendes, want God sal hulle trane afvee. Of

Diep ongelukkig is die wat net vrolikheid en vreugde in hierdie lewe sonder God ken, want daar sal nie 'n God vir hulle wees wat hulle trane eendag gaan afvee nie.

5. Gelukkig is die wat sag van hart is, want die nuwe aarde sal hulle erfporsie wees. Of

Ongeluk wag vir die wat hard van hart is, ongenaakbaar is, niks vir ander voel nie, want hulle sal nie die nuwe aarde as erfporsie ontvang nie.

6. Gelukkig is die wat honger en dors na wat voor God reg is, want hulle hartsverlange sal bevredig word. Of

Diep ongelukkig is die wat niks voel vir wat God as reg beskou nie. Hierdie mense sal nooit genoeg van onreg kry nie.

7. Gelukkig is die mens wat met deernis uitreik na mense in nood, want God sal aan hulle deernis bewys. Of

Diepe ongeluk wag vir die mens wat niks vir sy medemens se nood omgee nie. God sal ook niks vir hulle omgee wanneer dit regtig saak maak nie.

8. Gelukkig is die wie se hart volkome op God gerig is, want hulle sal God sien. Of

Diep ongelukkig gaan die wees wat hulle harte sit op die dinge wat op die wêreld gerig is. Hulle sal God nie sien nie.

9. Gelukkig is die vredemakers want God sal van hulle sê: Julle is My kinders. Of

Diep ongelukkig is julle wat aanhou rusie maak want God gaan van julle sê: *Ek ken julle nie.*

10. Gelukkig is die wat vervolg word terwille van wat voor God reg is, want hulle het deel aan Sy koninkryk. Of

Diep ongelukkig gaan die wees wat nooit vir God, en dit wat God vra, gely het nie, vanweë hulle onwilligheid om in die wêreld uit te staan vir God, want hulle sal nie deel aan Sy koninkryk kry nie.

11. Gelukkig is julle wanneer julle bespot en vervolg word en allerhande leuens oor julle versprei word, omdat julle My dissipels is. 12. Wees bly, ja jubel daaroor, want God sal julle ryklik daarvoor beloon. Of

Diep ongelukkig moet jy wees wanneer jy nie gespot en vervolg word, of indien daar nooit lelike dinge van jou gesê word omdat jy God se volgeling is nie. Wees hartseer, ja huil daaroor want jy het jou loon reeds ontvang.

Maasja: Krag van die Here.

Voor die bespreking van hierdie hoofstuk gelees word, is dit nodig dat u eers self Genesis 26 in die Bybel deurlees.

In vers 2 sê God vir Isak: *Moenie Egipte toe trek nie. Bly waar Ek jou sê: in hierdie land.* God gee hierdie opdrag aan Isak, toe Isak en sy mense baie swaar gekry het in sy geboorteland, vanweë geweldige droogte. Hy het lus gehad om Egipte toe te trek omdat dit so voorspoedig, aangenaam en sonder probleme daar gelyk het. Hoeveel van ons wil nie ook graag vandag trek uit Suid-Afrika nie? Vir hoeveel van ons lyk die droogte van swaarkry, diskriminasie, morele en sosiale agteruitgang, nie net te veel in Suid-Afrika nie? Kom die opdrag vir baie van ons nie ook soos vir Isak in die volgende woorde van God nie? *Bly 'n tyd lank hier, en Ek sal by jou wees en jou voorspoedig maak. Ek gee hierdie wêreld aan jou en jou nageslag.*

Vers 6: *Isak het toe in Gerar gebly.* Gerar is in Israel, vermoedelik so 13 kilometer suid van Gasa, geleë. Isak, en so ook Abraham, het nie werklik grond hier in Israel, besit nie. Hulle het wel die belofte van God gehad dat hierdie hele land eendag aan hulle nageslag sal behoort en dat dit 'n ewige erfenis sal wees. Ook ons gaan deur hierdie lewe sonder om werklik iets van hierdie aarde te besit. Ons is aangestel as rentmeesters en om die aarde te bestuur; nes Adam wat niks in die Paradys besit het nie, maar net die opdrag ontvang het om dit te bewerk en te

bestuur. Daar is egter vir ons wat vandag op die aarde lewe, die wonderlike belofte van God dat ons wel eendag hier op die aarde 'n ewige erfenis sal hê. Ons sal 'n vaste woonplek hê in die Nuwe Jerusalem, wat vanuit die hemel op die aarde sal neerdaal (Op.3:12)- ons Beloofde Land, soos vir Isak en Abraham, waar ons vir ewig sal bly, soos Abraham en Isak se nageslag.

Vers 12: *Isak het in daardie gebied gesaai en daardie jaar het die saad honderdvoudig geskiet. Die Here het hom voorspoedig gemaak, en hy het 'n ryk man geword.* Dit is ook vir ons nodig om hier waar ons is, te ploeg en te saai. Al is die grond nie ons eie nie, kan die Here ons nog seën en voorspoedig maak. Ons moet ons lewens voluit lewe, daar waar die Here ons plaas en ons moet doen wat ons hand vind om te doen. Soos Isak die bewoners van die land eerbiedig het en hulle in ag geneem het, moet ons ook die nuwe eienaars van hierdie land eerbiedig en hulle in ag neem. Ook te midde van min aardse sekuriteite sal die Here vir ons sorg en ons dalk nog baie ryk maak soos vir Isak. Dit mag egter ook wees dat die bewoners van hierdie land op ons voorspoed jaloers sal wees. Hulle sal dalk ook ons probeer benadeel en ons in ons vooruitgang probeer stuit soos die Filistyne met Isak gedoen het, toe hulle die putte in sy gebied begin toegooi het.

Wanneer die nuwe regering jou voorspoed begin benadeel deur die putte van jou bestaan toe te gooi, weet dan dat hulle miskien die noodsaaklike lewensmiddele van jou kan weerhou maar dat hulle nie die Water van Ewige Lewe sal kan afsny nie.

Die mense van die wêreld, waarin God gekies het om Isak te seën, was jaloers op hom. Hulle het hom probeer benadeel deur die eerste put toe te gooi. Die put het Isak *Rusie* genoem. Die tweede put wat toegegooi is, is *Klagte* genoem. Is die mense van hierdie wêreld ook besig om jou te benadeel deur *rusies* en *klagtes* teen jou? Isak se mense het nog 'n put gegrawe en hierdie keer het die inwoners van die land hom met rus gelaat en daarom het hy die put *Ruimte* genoem. Hy het nou ruimte gevind om vredevol te lewe. Hou jy ook aan met jou soek na Lewende Water, al maak die mense van hierdie wêreld dit vir jou moeilik? Weet dan as jy aanhou met delf na die Lewende Water, sal jy 'n onuitputlike Ruimte by die ewige Waterbron vind.

Magdiël: God is my eer.

Die Bybel gee vir ons besliste aanduidings van wie eendag **nie** in die hemel sal wees nie. Kom ons kyk na 'n paar uitsprake in hierdie verband:

1. Jesus leer Sy dissipels die Onse Vadergebed (Mat. 6:9). Een van die bede is: *Vergewe ons, ons skulde soos ons ons **skuldenaars vergewe***. Hierdie bede is so belangrik dat Jesus nadat Hy Sy dissipels hierdie gebed geleer het die een bepaling van hierdie gebed weer vir hulle uitlig in Mat. 6: 14 staan: *As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. 15 Maar as julle ander mense **nie vergewe nie**, sal julle Vader julle ook **nie julle oortredings vergewe nie***. Sonder vergifnis vir ander, kan 'n mens nie die hemelpoorte ingaan nie.

2. **Oordeel en kritiek** sal baie mense uit die hemel hou. In Mat. 7: 1 gee Jesus die volgende uitspraak: *Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie; met dieselfde oordeel waarmee julle oor ander oordeel sal oor julle geoordeel word, en met dieselfde maat waarmee julle vir ander meet, sal vir julle gemeet word*. Rom. 2: 1: *Daarom is daar vir jou geen verontskuldiging nie, vir jou mens wat 'n ander veroordeel, wie jy ook al is. Deurdadig oor 'n ander 'n oordeel uitspreek, veroordeel jy jouself, want jy wat veroordeel doen dieselfde dinge*.

3. Mense wat vir **hulleself leef** en hulle eie lewens liefhet kan nie in God se Koninkryk ingaan nie. In Markus 8: 34 sê Jesus die volgende: *As iemand agter my aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kuis dra en My volg, want wie sy lewe vir homself wil behou sal dit verloor; maar wie sy lewe vir My en die evangelie verloor, sal dit behou.* In Johannes 12: 25 sê Jesus in hierdie verband die volgende: *Wie sy lewe bo My liefhet, verloor dit; en wie sy lewe nie bo My liefhet nie, sal dit vir die ewige lewe behou.* In Lukas 14: 26 staan: *As iemand na My toe kom kan hy nie My dissipel wees nie tensy hy afstand doen van sy eie vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja selfs van sy eie lewe.*

4. Mat. 25: 41: *Dan sal die Koning vir die aan Sy linkerkant sê: “Gaan weg van My af, julle vervloektes! Gaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is, want Ek was honger, en julle het My niks gegee om te eet nie; Ek was dors en julle het My niks gegee om te drink nie; Ek was ‘n vreemdeling en julle het My nie gehuisves nie; sonder klere en julle het My nie klere gegee nie; siek en in die tronk, en julle het My nie versorg nie”.*

5. Aangesien gelowige mense oor die algemeen min moeite doen en nie **hard** stry om in die hemel in te gaan nie sal min van hulle in staat wees om in te gaan. Mat. 7: 13: *Gaan deur die nou poort in. Die poort wat na die verderf lei, is wyd en die pad daarheen breed, en die wat daardeur ingaan is baie. Maar die poort wat na die lewe lei, is nou en die pad daarheen smal, en die wat dit kry is min.*

6. In Rom. 8: 9 word die belangrikheid van Heilige Geesvervulling uitgespel indien iemand die hemel wil ingaan: *As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie.*

Magseja: Die Here is my toevlug.

7. Indien iemand **volhard** in sondes kan hy nie in God se koninkryk ingaan nie.

In Gal. 5: 19 en 24 staan die volgende vir ons opgeteken:

Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: Onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge----- wie hom aan sulke dinge skuldig maak sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie.

8. In Mat. 12: 32 word nog iets genoem wat mense uit die hemel kan hou.

As iemand iets teen die Seun van die mens sê kan dit hom vergewe word; maar as iemand iets teen die Heilige Gees sê, kan dit hom nie vergewe word nie, nie in hierdie bedeling nie en ook nie in die toekomstige nie.

9. In 2 Tim. 2: 12 staan hierdie kort maar kragtige hemelslot opgeteken:

as ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën.

10. In 2 Tim. 4: 8 sê Paulus dat ‘n oorwinnaarskroon vir hom wag; dit wil sê die lewe by God. Hy sê verder dat hierdie lewe ook vir ander wag, ander wat soos hy met verlange uitsien na Jesus se wederkoms. So kan ons aflei dat die wat **sonder ‘n verwagting en ‘n uitsien na Jesus se koms lewe**, nie werklik met

Jesus 'n verhouding het nie. *Hoe kan jy wil ingaan in Sy hemel as Sy koms nie vir jou 'n werklikheid is nie.*

11. In 2 Tim 3: 1 tot 5 word mense aangedui met wie die gelowiges nie moet assosieer nie. Indien gelowige mense nie met hulle moet assosieer nie kan aangeneem word dat die Heilige God hulle ook afstootlik sal vind:

Die mense sal selfsugtig wees, geldgierig, grootpraterig en verwaand, beledigend teenoor hulle medemense , ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar en ongodsdienstig; hulle sal liefdeloos en onversoenlik wees, kwaadpraters, bandeloos en wreed, sonder liefde vir die goeie; hulle sal verraaiers wees, roekeloos en hooghartig. Hulle sal liefde vir genot hê eerder as vir God. Hulle sal nog die uiterlike skyn van die godsdiens hê, maar die krag van die godsdiens sal hulle nie ken nie. Bly weg van sulke mense af.

Moontlik sal ons soos rokende stompe hout, uit die helse vuur geruk word, wanneer ons deur hierdie uitsprake, uit 'n valse gerustheid wakker geskud word.

29 Junie

Geopende Hemel

Mahalalel: God van lof.

Soos die Bybel vir ons uitsprake gee oor wie nie in die Hemel sal wees nie gee die Bybel ook vir ons 'n aanduiding van wie wel eendag in die Hemel sal wees.

Kom ons kyk na agt van hierdie uitsprake:

1. Markus 16: 16:

Hy wat glo en hom laat doop sal gered word.

Wat kan 'n mens hiervan sê? Dit is so jammer dat so baie mense se verstand vir hierdie woorde geslote gebly het.

2. Johannes 2: 21:

So sal dit dan wees: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

Hoe kan 'n mens Hom aanroep indien jy nie in Hom glo nie. Hierdie is 'n baie troosvolle woord.

3. Handeling 16: 30

Menere, wat moet ek doen om gered te word?

Hulle antwoord hom: Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word-----

Die mens wil altyd iets probeer doen om gered te word. Die Skrif is duidelik. Ons kan niks doen nie. Jesus het alles gedoen. Ons moet dit net glo.

4. Romeine 10:9:

As

jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. 10: Met die hart glo ons en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered. Alles is gedoen.

5. Efesiërs 2: 5:

*Deur Sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredinge, saam met Christus lewend gemaak. **Uit genade is julle gered.***

Wat anders as Genade sal ons in die hemel laat ingaan?

6. 1 Tim. 2: 3 en 4:

*Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, 4. **Wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.***

Moet nooit die leuen van satan glo dat jy dalk nie uitverkies is nie.

7. In Johannes 6: 37 staan hierdie wonderlike woorde opgeteken:

Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie.

Het jy al in geloof na Jesus toe gekom? Weet dan dat die Vader jou besonder begenadig het. **Hy** het jou na Jesus toe laat kom. Jesus kan nie lieg nie. Hy het self gesê dat Hy die wat die Vader na Hom toe laat kom nooit sal verwerp nie. Hy aanvaar jou. Moenie nog twyfel nie. Hy sê hierdie mooi woorde spesiaal vir

jou. **Waarom sal Hy dit doen?** *Sodat jy kan weet dat jy die ewige lewe het, jy wat in die Seun van God glo. (1 Johannes 5: 13)*

8. 2 Tim. 4: 18:

Die Here sal my red van elke onheil en my behoue in Sy hemelse koninkryk bring. Aan Hom kom die eer toe tot in alle ewigheid!

*Hierop kan ons net sê: **Amen! Amen! Amen!***

Maharai: Die Here is haastig.

Druip jy as gelowige nog soms die lewenstoets van 'n sondevrye lewe?

Die probleem met hierdie druipling van die lewenstoetse is dat daar skuldgevoelens ontstaan. Die verwerking van die skuldgevoelens plaas 'n enorme druk op die mens se geloof. So moet die mens elke keer wanneer hy ongehoorsaam was, en die selfgod gedien het en die selfgod weer opgebou het, iewers genoeg geloof bymekaarmaak, om vergifnis vir homself te kan aanvaar. Soos die oortreding herhaal word, so word die druk op die geloof groter. Indien hy lank genoeg aanhou, sal die geloof later knak en sal hy nie meer kan glo dat daar vergifnis vir sy sonde is nie.

Juis vir die doel het Christus Homself kom offer vir sondes. Solank die mens kan glo dat Christus se offer aan die kruis groot genoeg is om vir sy sondes te kan betaal, solank sal hy vrede in sy verhouding met Jesus kan ervaar. Vergifnis het nie net met ander wat teenoor jou oortree te make nie. 'n Groot deel van vergifnis het te make met jou geloof om Jesus se vergifnis, vir jouself, te aanvaar. Met ander woorde om jouself te vergewe.

Dikwels is die mens se geloof in die offer wat Christus vir die mens se sondes gebring het, net nie groot genoeg nie. Hy verval in ongeloof en moet aanhou om homself te straf en te verguis vir die oortredings wat hy begaan het. Wat in wese

by die onvermoë om die self te vergewe gebeur, is dat daar 'n mosie van wantroue in God se totale vergifnis geplaas word. Dit is asof die mens wat in selfkastyding vir sy eie sondes verval vir God wil sê: Nee, U offer was nie groot genoeg vir my sondes nie. Ek gaan somer nog so 'n bietjie aanhou om myself te straf vir die verkeerde dinge wat ek gedoen het. Die geloof in Jesus se totale vergifnis, word deur so 'n benadering uitgeput. So speel jy in die hande van satan. Hy staan altyd gereed om jou by die Vader aan te kla. Jesus staan altyd gereed om die gelowige te verdedig en vrypraak te bied, op grond van wat hy vir die sondaar verdien het. Wanneer jy begin twyfel aan die volkomenheid van Jesus se offer, wat Hy vir jou sondes gebring het, en volhard om jouself daarvoor te pynig met onvergifnis, versterk jy satan se aanklag teen jou. Jy moet dus besluit na wie jy gaan luister. Gaan jy na die influistering van die Heilige Gees luister, wanneer Hy jou herinner dat Jesus nou vir jou sondes by die Vader intree en dat jou sondes volkome uitgewis is, of gaan jy na satan luister(Romeine 8:34) Hy fluister nie, hy skreeu met groot lawaai sy aanklag teen jou uit by die Vader. In jou onvergifnis van jouself word jy een met satan en sy aanklag teen jou.

Om nou weer terug te keer na die eerste paragraaf. Dit is nie nodig om jouself te verguis oor dit wat jy verkeerd gedoen het nie. Daar is vergifnis vir jou. Jy mag Jesus se vergifnis vir jouself toeëien. Dink in hierdie verband aan die bemoedigende woorde in 1 Johannes 1: 9 (Sien ook 1 Joh. 2:1)

Maar as ons ons sondes bely- Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid. As ons beweër dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom tot leuenaar en is Sy woord nie in ons nie.

Malak Jahwe: Engel van die Here.

God se Gees in die mens laat die mens soos **God** lyk, dink, optree en handel. Die mens se gelykvormigheid met God het veral met sy sondeloosheid te doen gehad, daar in die oerbegin in die paradys. Die mens is vir God gemaak. God het die mens liefgehad en Hy het die mens vir Sy plesier op die aarde geplaas.

Die **sondeval** verwing God se beeld in die mens. Die mens word sterflik toe hy God se Gees verloor. Sy optrede weerspiël nie meer God se beeld nie. Die mens raak selfsugtig en leef nie meer vir God nie maar vir homself. Toe hy God nie meer as die doel van sy bestaan gesien het nie, het hy die son, maan en sterre begin aanbid. Vir bykans 6000 jaar gaan dit nou voort. Songodaanbidding is die sentrale tema in Lucifer se misleiding, ook van die moderne mens. Die simbole van die songodaanbidding is talryk. So kry ons dit onder andere, in die Rooms Katolieke Kerk, die Vrymesselaars, talryke simbole in die Amerikaanse Regering se geboue en onderskeidingstekens, so ook in die Verenigde Nasies se simbole. Nader aan ons, is die songod ook sterk in die huidige regering se identifiseringstekens, te vinde.

Toe die mens God se beeld na die sondeval verloor het, het die mens benewens ander afgode, veral homself begin aanbid. Die basiese verleiding van die mens in die paradys het ook die mens as tema gehad. Die mens sou kwansuis soos God kon word deur alles te ken. Hiervoor moes bereid wees om ongehoorsaam aan

God te word. Sedert die vroegste tye aanbid die mens dus homself. Alles gaan in 'n groot mate vandag nog steeds om die mens, en die verafgoding van die mens. Daarom is daar so baie klem op die self, die selfbeeld, die selfaktualisering, die liefde vir die self, die voordele vir die self, die gesondheid van die self, die geregtigheid vir die self, die gerief vir die self, die goeie lewe vir die self ens.

Die groot gevaar is dat die selfgod ook vir die wedergebore Christen 'n struikelblok kan wees. Daarom stel Jesus dit so duidelik *dat indien iemand agter Hom aan wil kom hy homself moet verloën, sy kruis moet opneem en Hom moet volg*. Die volg van Jesus sal met *moeite, verdriet en pyn gepaard gaan* (2 Tim. 3:12). Ons is nie beter as ons Meester nie en ons lewens, as volgelingen van Hom, sal deur dit wat Hy moes verduur gekenmerk word. Die voorspoedsteologie is vals. Jou strewe na ewige geluk en voorspoed op hierdie aarde is op foutiewe aannames gegrond.

Die teken van misleiding, waarna in die vorige paragraaf verwys is, vind ons uitgespel in onder andere, die gebede van gelowiges. Jesus leer ons dat die kern van die modelgebed oor God, God se Naam en Sy Eer, God se Koninkryk en God se wil gaan. Dikwels vind ons min hiervan in die gebede van gelowiges. Die sentrale tema, van die meeste gelowiges se gebede, weerspieël niks anders as die verafgoding van die mens, en die mens se behoeftes nie. Waarvoor bid mense? Waarvoor bid jy? Wat is die sentrale tema? Gaan dit oor die welstand van jou en jou gesin? Gaan dit oor dankiesê vir voordele wat jou en geliefdes toegekome het?

Of gaan dit oor God se eer, dank dat God se Naam groot gemaak en erken is, gebede vir ongeredde siele (nie net van jou eie familie nie) en dankgebede vir siele wat tot inkeer gekom het? Gaan dit primêr daarvoor om God se hart bly te maak deurdat jy Sy wil doen, ook in jou gebede? Huil jy voor hom omdat Sy wil nie gedoen word nie, of huil jy omdat jy nie kry wat jy wil hê nie?

Gaan dit oor God of gaan dit oor mens?

Maleagi: BoodsAPPER van Jahwe.

Dit het lank geneem maar uiteindelik het hulle hom vasgetrek, na sewentig jaar. Daar is nie 'n ding waaraan die ou nie skuldig was nie. Hy het dit reggekry om die reg te ontglip, maar soos die ou gesegde gaan: *Elke hond kry sy dag*. So het die dag dan ook aangebreek dat hulle hom in hegtenis geneem het. Die lys van aanklagte teen hom was lank. Hy is aangekla vir moord, vir onsedelikheid, pornografie, diefstal, naamskending, haatspraak, rassediskriminasie, ontduiking van inkomstebelasting en roekelose bestuur. Dit was maar net die hoofklagtes teen hom.

Dit was 'n lang en uitgerekte hofsaak. Op die ou einde is hy op al die aanklagte skuldig bevind. Gelukkig het hy nie probeer doekies omdraai nie. Hy het erken dat hy al die lelike dinge in sy lewe aangevang het. Vir die aanklaer was dit 'n triomf soos min. Hy kon nie wag om die landdros se strafoplegging te hoor nie. Ook hierin was hy nie teleurgestel nie. Nog nooit het so 'n geweldige straf 'n mens te beurt geval nie. Van die belangrikste strafbepalings was 'n groot boete wat betaal moes word, verder het die landdros gelas dat die misdadiger lyfstraf moes kry. Die lyfstraf is gespesifiseer amper soos dit in die ou tyd was toe daar met 'n rottang geslaan is. Die landdros het egter verder gegaan en gesê dat hy met 'n kats geslaan moet word, sommer baie houe. Behalwe hierdie straf, het die landdros ook nog die uitsonderlike ding gedoen om hom ter dood te veroordeel.

Min het die misdadiger geweet dat hierdie straf wat so aangekondig is, nie alles van die straf insluit nie. In die strafproses sou hy baie verneder word, hy sou op 'n stadium kaal voor mense moes staan wat hom sou spot. Die misdadiger het gehoop die landdros sou die goeie dinge wat hy in sy lewe gedoen het in berekening bring by strafoplegging, anders was daar vir hom geen hoop nie.

Indien ek nie self hierdie dinge gesien gebeur het nie, sou ek die res van die verhaal oor die misdadiger nie geglo het nie. Nietemin laat ek jou verder vertel. Die eienaardigste het toe gebeur. Van die begin af het almal geweet dat die misdadiger nie 'n beter advokaat kon gekry het nie. Hierdie man het so mooi gepraat, altyd met liefde, sonder om te veroordeel. Maar jy het geweet dat as daar iemand is wat die regsproses eerbiedig, dit hierdie man is.

Die advokaat begin toe met sy pleit vir versagtinge omstandighede. Almal het geweet dat hy besonderlik by die misdadiger betrokke is maar niemand het die volgende verwag nie. Hy sê toe vir die landdros: Edelaagbare, hierdie man is skuldig en hy moet gestraf word. U weet dat ek geen aandeel aan hierdie misdade van hierdie man gehad het nie en daarom honderd persent onskuldig is. Ek wil egter graag sy boete betaal. Ek is ook bereid om in sy plek die lyfstraf te vat. Ag edelaagbare, ek is so lief vir hierdie man en ek gee so baie vir hom om, dat ek selfs bereid is om in sy plek al die vernedering en dan uiteindelik die doodstraf te vat.

Dit het stil geword in die hofsaal. Nog nooit het iemand soveel liefde vir 'n ander openbaar nie. Miskien sou iemand dalk nog vir 'n goeie mens ingestaan het, maar

hierdie man was die drek van die aarde, hy was deur en deur sleg. Wie is hierdie besondere Advokaat?

Die Landdros was bekend daarvoor dat Hy baie regverdig is. Hy het oor die saak gedink voordat Hy geantwoord het. Hierdie was die moeilikste uitspraak van Sy hele bestaan, want die wonderlike Advokaat was Sy eie Seun. Indien Hy die plaasvervangingstraf sou aanvaar sou dit beteken dat Sy eie Seun in die plek van die misdadiger gepyning sou word en uiteindelik doodgemaak sou word.

Wat dink jy? Wat het die Landdros gedoen?

Natuurlik het Hy gedoen soos Sy Seun gevra het, want Sy Seun het Sy liefde vir misdadigers by Sy Vader gekry. Die Seun se aanbod is aanvaar.

Daar het nou nog net een ding oorgebly en dit is dat die misdadiger hierdie aanbod van die Advokaat moes aanvaar. Dan kon hy as vry man uitstap.

My boetie en my sussie, ek en jy is daardie misdadiger. Ons oortree ook soos die misdadiger. Ook vir ons het Jesus, die groot Advokaat, sy lewe gegee. Ook in ons plek het Hy al die pyn, straf en vernedering gedra. Ook vir ons het Hy die volle boete betaal. Ook in ons plek is hy vir ons sondes ge gesel. Ook in ons plek het hy die helse smarte van die kruisdood gedra.

Al wat nog oorbly is dat jy moet **ja** sê. Sê nou ja vir Jesus. Sê nou vir Hom dat jy dit, wat Hy vir jou gedoen het, aanvaar. **Vat dit.** Dit is verniet. *No strings attached.* Jy kan nou as vryman uitstap uit die hofsaal van die lewe, in die ewige

lewe in. Moenie dat die geleentheid by jou verbygaan nie. **Almal hou hulle asems op vir jou keuse.**

Malkia: Die Here is my Koning.

Wat beteken dit om te glo?

Die Engelse **believe** word soos volg verklaar (Oxford Dictionary):

Accept as true or as speaking truth, Believe in word soos volg verklaar: *Have faith in the existence of, Belief* het te make met die volgende: *Trust, Confidence(in), acceptance of received theology, Acceptance of things as true*

Kom ons probeer in Afrikaans die term **glo** verklaar:

Glo is 'n diep innerlike proses. Die kind word in die wêreld in gebore met 'n vermoë om te glo. Die baba glo dat hy gevoer sal word. Indien hy nie gevoer word nie sal hy sy ouers wel aan sy behoeftes herinner. So begin ons die lewe met 'n geloof dat sekere dinge sal gebeur, dat daar deur ander vir jou dinge gedoen sal word. So begin die kind met 'n geloof lewe dat daar integriteit in ander persone is, dat ander vertrou kan word. Die teendeel is natuurlik ook waar indien die baba slegte ervarings beleef en begin glo dat ander mense nie integriteit het nie en nie vertrou kan word nie. **Glo het dan baie te make met vertroue**, vertroue in ander en selfs in die self. Later sal hierdie glo gerig word op die Hemelse Vader om vir die mens sekere dinge te gee en te doen. Dit mag egter ook wees dat die kind se *glo* vroeg geskend is en dat dit moeilik is om later ander te vertrou. Glo het ook baie te doen met **waarheid**. Wanneer iets as waar aanvaar kan word, kan daarin

geglo word. Indien dit moeilik is om die waarheid van iets te aanvaar sal dit onmoontlik wees om dit te glo. Reeds is daar nou verskeie kere na nog 'n element van glo verwys naamlik **aanvaarding**. Om te kan glo moet ek bereid wees om iets vir myself te aanvaar, te vat en toe te eien. Samevattend het glo dan met begrippe soos die volgende te make: **Verwagting, integriteit, vertrouwe, persoonlike ervarings, om te ontvang, waarheid, aanvaarding.**

'n Mens kan **glo**, hy kan glo **in** en en hy kan glo **dat**, hy kan ook glo **aan**. Kom ons kyk na voorbeelde in hierdie verband:

Ek **glo** God. Ek glo **in** God. Ek glo **dat** Hy die wêreld geskep het. Ek glo **aan** die bestaan van God, die Vader, Sy Seun en die Heilige Gees.

Kom ons kyk wat sê die Amplified Bible van hierdie begrip:

Believe in- **Adhere to, trust in, rely on.**

In Afrikaans sal dit iets wees soos:

Hou vas aan, Vertrou op, Maak staat op

Dit bring ons dan by die Bybelse definisie van geloof in Hebr. 11:1:

Geloof dan is 'n vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

Om te glo dan is in die laaste instansie om vas te vertrou, so vas, dat dit waarop jy vertrou onomstootlik bewys is. Geloof betrek die volle emosie, die hart, en die

volle intellek, die verstand. Dit omsluit die gees en die siel. Dit is die hoogste vorm van menswees. In geloof word die mens een met God. Dit is nie iets wat die mens kan wil nie. Nee, dit is so Goddelik dat die mens dit alleen as 'n geskenk uit God se hand kan ontvang.

Malkiël: God is Koning.

Jy is moontlik onder die indruk dat jy oppad is hemel toe. Dalk dink jy dat jy nie 'n slegte mens is nie. Dalk dink jy jy doen genoeg goeie dinge om in die hemel toegelaat te word. Kom wees 'n slag eerlik met jouself. Waag dit om jouself aan die volgende maatstawwe te meet en maak so seker dat daar geen twyfel oor jou ewige bestemming bestaan nie.

1. **Doen jy iets in die geheim**, iets wat jy dink jou uit die hemel kan hou? Moontlik iets soos pornografie, geheime begeertes, oneerlikheid ens.
2. Is daar iets in hierdie lewe wat jy **hoër ag** of van meer waarde as Jesus beskou? Dalk iets soos 'n loopbaan, geld, 'n kind, man of vrou, jou huis.
3. Is daar iets of iemand wat jy **meer liefhet** as die Here? Is jy regtig liefwer vir die Here as vir jou kind, kleinkind, man of vrou? Sal jy God se standarde handhaaf al beteken dit dat jy jou kind kan verloor? Sal jy jou kind kies bo God?
4. Is daar iets in die lewe wat vir jou **belangriker** is as God? Hoe weet jy dat God vir jou belangriker as enigiets anders is?
5. Is daar iets wat jy meer **geniet** as om in God se teenwoordigheid te kom? Verkies jy die geselskap van vriende bo tyd saam met God? Is dit vir jou lekkerder om 'n boek of tydskrif of koerant te lees as om van God te lees en Hom beter te leer ken?

6. Is God jou **hoogste doel** in die lewe of sal jy liever ryk, belangrik en suksesvol wil wees, al is dit ten koste van God in jou lewe?
7. Wat of Wie gee die meeste **sin** aan jou bestaan? Waaroor voel jy goed wanneer jy vanaand in die bed lê en terugdink aan die afgelope dag?
8. Wanneer jy 'n keuse moet uitoefen is **God se eer** en Sy belang iewers in jou gedagtes? Is jyself en jou eie belange belangriker vir jou wanneer jy voor keuses in jou lewe te staan kom?
9. Wat **lees** jy die graagste, jou koerant, die Bybel, sekulêre tydskrifte, geestelike tydskrifte, romans of vakliteratuur?
10. Wat is vir jou die belangrikste, jou **liggaam, jou siel of jou gees**? Met ander woorde waaraan spandeer jy die meeste van jou vrye tyd: Liggaamlike oefening, jou intellek, emosies en wil of aan die opbou van jou geestelike verhouding met God.
11. Is jou hoogste genot **sintuiglik**, soos om te eet, of is dit om in Sy teenwoordigheid te wees. Wys jou liggaam jou voorkeur?
12. Is jy bereid om jou **lewe af te lê** vir jou kind, jou vrou of vir God?

Malkisua: My koning is redding.

13. Ervaar jy **God se teenwoordigheid**? Wandel jy met Hom? Is Hy vir jou 'n werklikheid soos 'n vader of 'n broer. Kan jy met Hom 'n intieme persoonlike **gesprek** voer? Weet jy dat jy 'n **verhouding** met Hom het? **Sit** jy by Sy voete en **luister** jy na Sy wonderlike stem en dit wat Hy vir jou wil sê?

14. Waaraan bestee jy die meeste **tyd**, televisie of God?

15. Is dit jou vreugde om **jou beste**, soos jou geld, vir God te gee?

16. Is jou **gunsteling skrywer** die outeur van die 66 Bybelboeke?

17. Waarmee hou jy jou graag besig deur die dag, veral **vakansiedae**? Pas God en Jesus hier iewers in? Wanneer jy aan vakansie dink waarna sien jy uit? Is dit na meer tyd saam met Hom?

18. Wat is die **hoogtepunt** van jou dag? Het dit iets met God en Jesus te doen?

19 **Begeer** jy dit meer as enigiets anders dat Jesus vandag op die wolke moet kom om jou te kom haal om ewig by Hom te wees? Of

20. Verkies jy om eerder vandag jou eie dinge af te handel eerder as om Jesus in die lug tegemoet te gaan? Het jy al vandag gekyk of Hy nie miskien op die wolke kom nie? Is jou geestelike lampie vol Heilige Gees olie. Sal God **jou liggie** kan sien in hierdie donker wêreld indien Hy jou nou kom haal?

21. Sentreer die doel van jou lewe vandag om **Jesus se Naam** groot te maak, Sy koninkryk te laat kom en Sy wil te doen?

22. **Weet jy** met 'n vaste wete dat Jesus op Golgota vir al jou sondes gestraf is? Is dit vir jou belangrik dat ander ook hierdie boodskap moet hoor?

Verstaan jy nou waarom, die *wat in die hemel sal inkom, min sal wees*. Verstaan jy nou dat dit *makliker vir 'n kameel sal wees om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk man om die hemel in te gaan* ? Hoor jy Jesus, as Hy sê dat nie *elkeen wat vir Hom Here, Here sê in die hemel sal ingaan nie?* (Joh. 13:23) Weet jy dat Jesus gesê het dat jy *hard moet stry* om in te gaan deur die nou poort na die hemel toe? (Mat. 7:13) Vergeet van al die voorspoedsteologie en hoor Paulus wanneer Hy sê dat *ons lyding en vervolging hier op aarde sal hê indien ons agter Jesus aan wil kom* (Rom 8:17).

Sal jy soos 'n rokende stuk hout uit die helse vuur geruk word?

My boetie en my sussie dit is nog nie te laat nie; as jy nou Sy stem hoor moenie jou hart hard maak nie (Hebr. 3:8 en 4:7).

6 Julie

God se Goedheid en Sy Genade (1)

Maranata: Kom Here.

In Romeine 11:22 staan in die Amplified Bible die volgende opgeteken:

Note and appreciate the gracious kindness of God

Provided:

You continue in His grace and

Abide in his kindness.

In aansluiting hierby sê Jesus:

Bly in My, en dan gebruik Hy die beeld van die loot wat in die wingerdstok moet bly anders kan daar geen vrug aan die loot gevorm word nie (Joh. 15:1-8)

Hoe *continue* 'n mens in God se genade? Om te kan voortgaan moet daar tog 'n aksie wees wat kan voortgaan. In hierdie geval dan die ontvang van genade. **Bly dus voortgaan in die ontvang van God se genade.** Dieselfde geld vir die inwoon in **God se liefdevolle goedheid.** Daar moet dus 'n voortgang wees, nie onderbrekings nie, nie 'n bietjie wêreld en dan weer 'n bietjie God nie. Hier is sprake van 'n definitiewe keuse, **'n lewenskeuse**, 'n radikale keuse en 'n bly by jou keuse. Dit is slegs moontlik indien, dit waarvandaan weggekies is, nie meer opduik en 'n rol in jou lewe speel nie. Die feit dat daar 'n voorwaarde genoem word impliseer dat die vermoë daar is om 'n keuse te kan uitoefen. **Jy kan dus**

kies om te bly in Sy genade en Sy liefde of jy kan daarteen kies. Die keuse is alleen vir die mens wat God se genade en liefde reeds aangeneem het. Alleen die een wat onder die genade is, en reeds in God se liefdevolle arms is, kan kies om daar te bly of nie.

Eintlik is dit nie 'n keuse nie. Wie sal nou kies om nie in God se genade te bly en deur Hom liefgehê te word nie? Tog is dit so belangrik dat die keuse vir ons in die Bybel opgeteken is. Een van die redes waarom dit op ons harte gedruk word om in hierdie genade te bly, is die verskriklike sluheid en leuenagtigheid van satan. Hy werk deur twyfel en halwe waarhede. In hierdie verband is die geweldige effektiewe leuen van satan, om die mens te laat glo dat die ou mens, wat hy was, nog nie afgesterf het nie. Solank satan hierdie leuen vir die mens aan die lewe kan hou, kan daar nooit vryheid en volkome oorgawe aan God wees nie (Gal. 2:20). Daarom is die meeste gelowiges dikwels in twyfel oor hulle ou lewe se invloed in die nuwe lewe in Christus. Hulle onthou dikwels ou sondes uit die ou lewe. Hulle wonder of daar nie nog een of ander binding uit die verlede op hulle lewens is nie. Hulle wonder oor genetiese oorerwing en of hulle nie maar net 'n slegte humeurige temperament geërf het nie. So hou satan hierdie worstelende gelowige gevange met sy leuens. Die waarheid is natuurlik dat die wedergebore kind van God nuutgemaak is. Die ou mens het gesterf saam met Christus (Rom.6:8). Hy is dood, morsdood. Hy leef nie meer nie. Hy het opgehou om te bestaan. Daar is nie meer iemand soos die ou mens oor nie. Daarom kan

God verklaar, dat Hy nie meer aan die sondes van die ou mens dink nie. Daar is nie meer 'n ou mens om aan te dink nie. Hy het opgehou om te bestaan. Satan kan dit nie aanvaar nie en poog, soms baie effektief, om die gelowige aan hierdie waarheid te laat twyfel. Kom ons kyk wat sê God in hierdie verband:

1. Mat.16:24: *Hy wat agter My aan wil kom, moet homself verloën, sy kruis opneem en My volg. (deur die dood en die opstanding. My invoeging)*
2. Gal. 2: 20: *Ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe.*
3. 2 Kor. 5:16: *Iemand wat aan Christus behoort is 'n nuwe mens. Alles het nuut geword. Die ou dinge het verbygegaan.*
4. Rom.6:1: *Hoe kan ons wat **dood** is vir die sonde nog daarin voortlewe? Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in Sy **dood** gedoop is nie. 6. Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan **beëindig** kon word.*
Dood, morsdood, afgehandel, verby, bestaan nie meer nie.

7 Julie

God se goedheid en Sy Genade (2)

Mattan: Gawe van God.

Ongelukkig kan satan die Bybel ook teen ons gebruik soos hy dit teen Jesus probeer gebruik het. In hierdie verband het satan dit reggekry om een deel in Romeine tot groot verwarring en geestelike verswakking by die gelowige mens te gebruik. Dit is die gedeelte in Rom. 7:15 waar Paulus verklaar:

Ek begryp self nie wat ek doen nie, want wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek haat juis dit doen ek.

18: Daar is by my wel die wil om die goeie te doen maar ek doen dit nie. Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek.

Baie gelowiges is al deur hierdie woorde geestelik ontspoor. Hulle redeneer dat indien Paulus nie eers met die goeie kon volhard het nie, en gedurig deur die slegte oorrompel is, wanneer hy die goeie wou doen, hulle geen kans staan om die kwade te oorwin nie. Paulus word dan die voorbeeld van val en opstaan. Daarom word die eie val en opstaan verskoon en daar word verkeerdelik aangeneem dat die mens maar altyd swak sal wees, en dat die ou mens maar altyd weer beheer sal kan oorneem oor die nuwe lewe in Christus.

Die feit is egter dat Paulus in hierdie gedeeltes in Romeine 7 en 8, **drie tydperke** in die mens se geskiedenis, van sonde tot vergifnis, beskryf; 1. Daar is 'n tydperk

van die **natuurlike sondige mens** voordat die wet gekom het. 2. Dan is daar ‘n tydperk wat **na die wet gekom het tot voor Jesus se koms**. 3. Dan is daar ‘n **derde tydperk van na Jesus se koms, nadat die Heilige Gees uitgestort is**. Die hele tyd is Paulus besig om te beweeg tussen hierdie drie tydperke in sy beredenering van die saak. *Daar was ‘n tydperk in die mens se lewe, nadat hy die wet ontvang het, voordat Jesus gekom het om hom vry te maak, dat hy onder die wet gepoog het om die wet te onderhou, maar voortdurend misluk het.* Dit is vir hierdie tyd wat die verwarrende stelling van Paulus gemaak is, as ‘n voorbeeld van hoe mense in daardie stadium gefunksioneer het. Na Jesus se koms en die uitstorting van die Heilige Gees het alles egter verander. Luister wat sê Paulus van hierdie heerlike lewe onder leiding van die Heilige Gees:

1. Romeine 8:4

Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, ons wat nie ons lewens deur die sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees.

2. 2 Kor. 5:17

*Iemand wat aan Christus behoort is ‘**n nuwe mens**. Die oue is verby, die nuwe het gekom.*

3. Gal. 3:25

*Maar **nou** dat die tyd van die **geloof** gekom het, staan ons nie meer onder die toesig van die **wet** nie.*

4. Efes.1:4

*So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om **heilig en onberispelik** voor Hom te wees.*

5. Kol. 2:11

*Deur julle verbondenheid met Hom, is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus en dit bestaan in die **wegneem van die sondige natuur** van die mens.*

6. Kol.1:22

*Maar nou het Hy ook julle met Hom versoen deurdat Sy Seun as mens gesterwe het om julle **heilig, sonder smet en onberispelik** voor Hom te stel.*

Moet jou dan nie laat mislei deur satan se leuens nie. Jou ou mens met sy sondige drifte en drange het gesterf. Vergeet van hom. Jy is weer gebore en 'n nuwe identiteit het ontstaan. Jesus se Heilige Gees het die nuutgebore jy se eerste lewensasem geword. Deur Sy inwoning is dit inderdaad moontlik om te *continue* en te *abide* in God se genade en sy liefdevolle goedheid.

Mattanja: Gawe van die Here.

Sedert die vroegste tye is daar twee groot kragte aan die werk in die wêreld: *Onafhanklikheid en afhanklikheid*. Hierdie twee kragte verdeel ook die mensdom in twee groot groepe: *die onafhanklikes en die afhanklikes*. Die onafhanklikes is gewoonlik die ryk mense, die mense wat goed geleerd is en professionele beroepe beoefen, die invloedrykes, die wat status het, die wat gesond is en die wat dink dat hulle nie ander mense nodig het nie. Die afhanklikes is die wat arm is, die wat siek is, die noodlydendes, die wat nie deur die samelewing geag word nie, die wat weet hoe afhanklik hulle van ander is. Hierdie laaste groepering is die wat gewoonlik deur die Bybel aangedui word as die weduwee, die weeskind, die bywoner, die wat deur die samelewing uitgestoot word en nie geag word nie. Kortom dit is die wat deur die Bybel as die geseëdes van God aangedui word, die wat deur Jesus in Mat. 5 die armes, *en die armes van gees*, genoem word, die wat weet hoe afhanklik hulle van God is, die swakkes, die sieklikes, die noodlydendes, die wat vervolgd word- God se **witbroodjies**.

Die onafhanklikes het ontstaan toe satan dit reggekry het om Eva te oortuig dat sy soos God kan wees deur onder andere alles te kan ken. Indien sy soos God kon wees sou sy God nie meer nodig gehad het nie en kon sy onafhanklik haar eie ding doen. Die werktuie van satan het deur die eeue die verkondiging van hierdie leuen voortgesit. Vandag word nog net so hard probeer om onafhanklik van God

te wees en jou eie ding te doen. Wesentlik is dit die grondslag van alle pogings om so ryk as moontlik te word, om 'n goeie pensioen op te bou, om op pensioen te kan gaan, om so geleerd as moontlik te wees, soveel sekuriteite as moontlik te kan besit, niemand en niks nodig te hê nie, selfgenoegsaam te wees, self jou eie behoeftes te bevredig en niks van iemand anders te benodig of te aanvaar nie.

Die groot leuen van die media is juis op hierdie ydelheid van die mens ingestel. Enigiets wat hierdie sug na die self, selfbevrediging en selfaktualisering bevredig, word aan die mens voorgehou as reg. Die media het die kennisbron geword. Die media het die verbode vrug van die paradys vervang, die groot ontsluiter van alles te kan ken, soos dit aan Eva deur satan in die paradys voorgehou is. Hierdie insigte oor hoe jy jou eie god kan word, word die ideaal, die sin van die lewe, die norm van sukses, dit waarna elke mens behoort te aspireer. Dikwels dra ouers hierdie leuenwaardes na hulle kinders oor en hulle weer na hulle kinders, totdat die geskiedenis van die mensdom een lang strewingsproses word na die leuen, wat die eerste keer in die paradys deur die mens uit die hand van satan aanvaar is.

Mehetabeël: God doen goed.

In die voorhou van die ideale mens, gebaseer op satan se definisie van wat 'n mens behoort te wees, is die kerk van ons dag nie onskuldig nie. Wanneer die kerk sukses definieer val dit dikwels binne die norm van die voorspoedsteologie. Selde hoor jy in die kerk die ware verhaal van wat voorspoed en sukses is, soos gedefinieer deur Jesus, ten opsigte van wie nou eintlik die geseëndes op hierdie aarde is. In hierdie verband is daar maar min predikers wat nie Jeremia 29:11 buite konteks, vir mense voorhou asof dit is wat God vir hulle gaan doen nie.

Die diepste wese van God word deur die onafhanklikheidstrewes van die mens teengestaan. God alleen is God. Hy is die Groot Onafhanklike en die mens is die afhanklike. Geloof in God, waardeur die mens gered word, is in wese die hoogste vorm van afhanklikheid wat die mens kan bereik. Om hierdie afhanklikheid van die mens aan te help stel Jesus dit duidelik dat die *mens net agter Hom kan aankom indien die mens homself verloën, sy kruis opneem en Hom volg* (Mat.16:24) – diep afhanklik word. Om te volg val in die kategorie van woorde wat met die mens se redding te make het. Dit is woorde soos: glo, vertrou, liefhê, toelaat, kruisdra, self verloën, beheer en bestuur van die lewe afgee aan die Heilige Gees, onderwerp, gehoorsaam, vergewe en vrysprek. Nie een van hierdie begrippe ondersteun die onafhanklikheidstrewes van die moderne mediamens nie. Die arm weduwee wat haar laaste muntstukkie in die kerkbordjie

gooi verpersoonlik omtrent al hierdie begrippe (Mark12:42). Hierdie afhanklikheidsbegrippe ontsluit die ewige vloei van die weduwee se oliekruike. Dalk sal ons, wat afhanklikheid van God nastrewe, eendag genoeg olie in ons kruike hê. Dalk sal dit genoeg lig verskaf aan ons Bruidegom om ons, Sy bruid, in die duisternis van die aardse sonde, te kan raaksien, wanneer Hy ons kom haal. Daarom word van die mens in die modelgebed verwag om eers na God se Eer te vra, dan God se Koninkryksbelange te ondersteun en te soek, en dan God se wil in alles te soek (Mat.6:5).

Alleen die mens, wat so klein in homself word dat hy deur die oog van 'n naald kan gaan, sal gered word. Hoe kleiner die mens in homself word, hoe meer afhanklik word die mens van God. Dan word die mens minder selfgenoegsaam en kom die mens nader aan die nou opening van wedergeboorte. Soos die mens hard moes stry om deur die nou skeur van die geboortekanaal in die lewe in gebore te kon word, sal die mens ook 'n stryd hier op die aarde hê om tot die ware lewe te kom. Jesus sê: **Stry hard om in te gaan deur die nou poort.** Min sal dit bereik.

Mag die krag van God ook in jou en my swakheid volbring word.

Mehalja: Die Here het gered.

Tussen hoor en doen, op godsdienstige vlak, lê daar 'n groot misterie opgesluit. Iets bepaal dat sommige mense hoor **en** doen en ander dieselfde hoor maar **nie** doen nie. In hierdie vakuum tussen hoor en doen werkskaf die prediker. Hy probeer iets hier plaas wat sal bepaal dat die mens sal hoor en wel sal doen. Daarvoor word hy opgelei vir 3 tot 10 jaar. Soms is daar 'n teoloog wat met 10 jaar opleiding en 'n doktorsgraad agter sy naam, nie veel hond haaraf maak met die hoor en doen kwessie nie. Dan is daar weer mense wat bloot gelowig is sonder opleiding wat weer veel sukses op hierdie terrein het. Dit wil dus voorkom of die fassiliteerder se opleiding weinig met die hoor en doen te make het. Dalk is daar ander dinge hier wat 'n groter rol speel as opleiding. Nou wat is dan die misterie? Wat bepaal dan dat die een mens hoor en doen en die ander nie?

Dalk is die antwoord te vinde in die gelykenis van die saaiër (Mat. 13:3). Dalk is die antwoord nie soseer in die saad en die saaiër geleë nie maar in die grond waar die saad val, met ander woorde in die hoorder self. Dalk is daar in die hoorder die potensiaal om die brug tussen hoor en doen te bou en is die rol van die verkondiger dalk nie so groot nie. Dit is tog algemeen bekend dat dit soms 'n eenvoudige woord is, wat op 'n eenvoudige manier gespreek is, wat by sommige mense verbygaan en ander persone weer in die hart gryp. Kom ons kyk in hierdie

verband kortliks na die probleme wat in die mens self is, wat 'n skans tussen hoor en doen kan opwerp.

In Matteus 13: 14 staan die volgende:

In hulle geval word die profesie van Jesaja vervul wat sê:

Julle sal hoor en hoor,

en tog niks verstaan nie,

en kyk en kyk

en tog niks sien nie.

Hierdie volk se verstand is afgestomp:

hulle het hulle ore toegedruk

en hulle oë toegemaak

sodat hulle nie met hulle oë

kan sien en met hulle ore kan hoor

en met hulle verstand kan verstaan

en hulle bekeer,

en Ek hulle gesond maak nie.

Mehujael: God veg.

Die profesie van Jesaja in Mat. 13 kon die voorwoord gewees het voordat Jesus die gelykenis van die saaiër verklaar. Dan kom ons by die uiteensetting waarom mense hoor maar nie doen nie.

1. Die eerste groep mense is die wat die **Woord hoor maar dit nie verstaan nie**. Die Bese kom dan en vat dit wat die mens gehoor het, uit sy hart weg. Om te kan doen wat jy hoor is dit belangrik dat jy moet verstaan wat jy hoor. Die woord moet eenvoudig wees en op so 'n manier in jou verwysingsraamwerk kan inpas dat dit sinvol is. Hier kan die prediker tog nog 'n rol speel.
2. Die tweede groep is die mense wat die Woord verstaan en dit met blydschap aanneem maar die woord word nie deel van hulle nie, **dit skiet nie wortel nie**. Die mens wat hoor en verstaan moet dus moeite doen met die woordplantjie. Die plantjie moet gevoed en versorg word. Dit moet water en sonlig kry. Met ander woorde hierdie woord moet bestudeer word, dit moet gememoriseer word, dit moet herhaal en oordink word. Dit moet met erns en respek bejeen word. Dit moet geglo en vertrou word. Dan sal die persoon wat gehoor en verstaan het, nie die motiveringskrag van die woord verloor, by die eerste geleentheid wat die woord deur probleme getoets gaan word nie.

3. Die derde groep mense vorder goed. Hulle hoor, verstaan en neem die woord, wat hulle hoor, aan. Hulle oordink, bestudeer en koester die woord totdat die woord wat hulle gehoor het diep deel van hulleself geword het. Nou begin die woord oortuigingskrag kry in die persoon se lewe en die gaping tussen hoor en doen verklein. In die vrugbare en ontvanklike gemoed van hierdie soort mense **groeï daar egter ook maklik ander invloede welig saam** met die invloed van die woord wat hy gehoor het. Een van hierdie indringerplante is die negatiewe rol wat die **media** speel in gelowiges se lewe. Die media dis inligting op vanuit 'n bepaalde lewensbeskouing. Hierdie lewensbeskouing is gewoonlik **sekulêr, immoreel en godslasterlik**. Dikwels is dit bykans onmoontlik om 'n koerant of tydskrif die toets van waar, eerbaar, skoon, rein, suiwer, lieflik, lofwaardig, reg en regverdig te laat slaag (Fil.4:8). Indien jy kies om teen die Bybel se raad in te beweeg en wel jou gedagtes daarmee besig te hou (To think on, weigh, take account of, fix your mind on) speel jy met vuur. In hierdie verband is die **advertensiewese** 'n nog groter gevaar. Hier word van wetenskaplike tegnieke gebruik gemaak om die mediagebruiker se swakhede uit te buit en te manipuleer deur hoofsaaklik leuens aan die mens op te dis. Hierdie dinge verdring die doen van die woord en die persoon doen wel wat hy hoor maar hy doen ook baie ander dinge. Van die gevaarlike plantjies wat saam met die woordplant groei, benewens die rol van die

media, is die **verlange na rykdom** seker van die belangrikste. Die Bybel noem egter ook **bekommernis** as 'n dodelike verdringingsplant. Wat is bekommernis anders as ongelooft? *Bekommernis is na my mening 'n kroniese vreesstoestand van lae intensiteit.* God het ons tog nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie (2 Tim. 1:7). Dus kom hierdie indringerplante nie van Hom nie. Hierdie ander dinge verdring dan die wil om dit wat gehoor is te doen.

4. Die laaste groep mense hoor die Woord, hulle verstaan dit, hulle neem dit met blydschap aan, hulle laat toe dat dit diepte in hulle bereik en hulle lewens beïnvloed. Die vierde groep persone is dus die wat nie toelaat dat iets die werking en uitwerking van die woord in hulle lewens verdring nie; geen bekommernis oor die lewe, die sug na rykdom of die invloed van die media nie. Die Woord word vir hierdie mens alles. Hulle glo, hulle vertrou, hulle leef die Woord.

Alleen mense wat bereid is om soos die laaste groep mense die Woord te ontvang sal dit op die ou einde doen.

Melgisedek: Koning van geregtigheid.

Die groot misterie om hoor en doen, verdiep wanneer 'n versie soos die een in Johannes 6: 37, bestudeer word.

Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na my toe kom nooit verwerp nie. Die vraag ontstaan nou oor aan wie gegee word om te kom en wie nie.

Die misterie om die hoor en doen verdiep verder wanneer daar oor die verhaal van Saggeüs gedink word (Luk 19:5). Wat het in hierdie kort sondige mannetjie gebeur dat hy so graag wou doen wat Jesus vir hom gesê het. Is dit omdat Hy Jesus gesien het? Hoor en doen ons ook beter wanneer ons Jesus begin sien? Hoe kan ons Jesus sien en hoor? Moet ons dalk ons fisiese oë meer in gebed sluit sodat ons geestelike oë kan oopgaan en ons Hom meer kan begin raaksien? Ons kom nou by die **rol wat die Heilige Gees** by hoor en doen speel. Niemand kan tog dit wat hy hoor, glo, indien die Heilige Gees dit nie aan hom gee om te kan glo nie. Hoe sal ons kan doen sonder dat ons kan glo? Is ons wat sien, hoor en doen maar net besonder begenadigdes deur die Heilige Gees? Is die Heilige Gees uiteindelik maar die Een wat die goeie doen, wanneer ek Hom toelaat om vrug in my te dra? **Wat is sinvolle doen anders as om die vrug van die Heilige Gees in jou lewe te dra?**

Andrew Murray verklaar in laaste hoofstuk van die boek, *Die Geesvervulde lewe*, dat God **alles** moet wees, dat Jesus **alles** moet wees, dat die vervulling met die Heilige Gees **alles** moet wees, en dat ons **alles van onself** moet prysgee. Hy verklaar verder dat ons niks hiervan self kan doen nie en in totale afhanklikheid onself net voor God moet neerlê en Hom moet toelaat om **alles** te doen.

Is die **vernuwing van ons verstand**, soos in Romeine 12:2 gestel, iets wat lig kan werp op hierdie misterie om hoor en doen? Is ons weer terug by die kernwoord **toelaat**; dat ons God moet toelaat om ons verstand te vernuwe, soos ons die Heilige Gees moet toelaat om ons te beheer, te bestuur en te lei. Lê die probleem om te hoor en te doen dan in die verskriklike **verdorwenheid van die mens wat alles self wil doen**, self wil beheer, self god wil wees, homself wil aktualiseer? Lê die probleem ten opsigte van hoor en doen dan in die mens se onvermoë om oor te gee, toe te laat, die self te kruisig en God die wonder van die Woord in ons lewens te laat doen?

13 Julie

Groot Kritiek (1)

Meonotai: Die Here is woning.

In Matteus 7 vanaf vers 1 word ons deur Jesus vermaan om nie oor ander te oordeel nie. *In die Boodskap* begin hierdie deel soos volg:

Moenie so gou foutvind nie. As jy mense links en regs veroordeel, God gaan eendag presies dieselfde met jou doen.

In die Amplified Bible word dit soos volg verwoord:

Do not judge, criticize and condemn others, so that you may not be judged and criticized and condemned yourselves.

Jesus vervolg op hierdie woorde met die aangrypende gedeelte van 'n persoon wat graag die splintertjie uit sy broer se oog wil haal. Terwyl sy eie visie so verswak is vanweë 'n houtbalk wat in sy eie oog is, kan hy onmoontlik hierdie taak uitvoer (Mat.5:29).

Ons word in hierdie gedeelte opgeroep om baie versigtig met kritiek en oordeel, ten opsigte van ander, om te gaan

Die vraag ontstaan oor waar hierdie slegte kritiese ingesteldheid van die mens sy oorsprong gehad het.

Eintlik begin ook hierdie probleem, soos die meeste ander probleme, by die val van satan. Satan het as leierengel begin voel dat hy God kan aanvat en dat hy soos

God kan wees. Daar moes reëls in hierdie oertyd, voor satan se val, in die hemel bestaan het. Een reël was sekerlik dat God as Soewereine gerespekteer moes word. Die oersonde van satan was dat hy sy eie reëls wou maak. Dit wat God ingestel het, was nie vir hom goed genoeg nie. Nee, hy het sy eie reël gemaak en daarvolgens begin optree. Hierdie reël wat hy vir homself gemaak het was dat hy nie nodig het om voor God te buig nie, maar dat hy sy eie god kan wees. Satan het dus, as oersonde, homself die vryheid toegelaat om God en God se instellings te kritiseer, daaroor te oordeel en dit te verwerp. Hy het fout gevind met dit wat God ingestel het. So het satan die weg voorberei vir die mens se sondeval. Eva moes ook, soos satan, 'n soortgelyke besluit geneem het, voordat sy aan God ongehoorsaam geword het. Ook sy het besluit om God se gesag uit te daag, en haar eie reëls te maak. Haar reël was dat satan, eerder as God, geglo moet word, en verder, dat sy soos God kan word deur alles te ken. Ook sy het fout gevind met God en God se instellings. So is die ganse mensdom op die glybaan van kritiek en oordeel geplaas. Hierdie glybaan voer die mens af na die hel toe.

Die probleem met kritiek en oordeel is dat die eie reg en geregtigheid, deur die mens, hoër aangeslaan word as God se geregtigheid. In wese word **Jahwe Tsikendu** (Die Here, my geregtigheid) in die mens se kritiek en oordeel van ander, ontken. God se wese word veral in Sy absolute Geregtigheid geopenbaar. Wanneer God se geregtigheid deur die mens ontken word, word die hart van Jesus se Evangelie uitgeruk. God se teleurstelling in die mens, wie wel volhard in

kritiek en oordeel, word duidelik vir ons deur Jesus in die aangeduide teksverse geïllustreer.

Die ongeredde mens, hy wat sy eie geregtigheid soek en najaag, dikwels in 'n doen- en verdienste godsdiens, kan God natuurlik nie vertrou vir geregtigheid nie. So 'n mens is vol kritiek en oordeel en kan nie ander mense vergewe nie. So 'n mens moet sy eie geregtigheid beoefen en kan God nie daarvoor vertrou nie. By die gelowige mens, wie God se geregtigheid aanvaar, is dit 'n totaal ander saak. So 'n mens is gehoorsaam aan God en vertrou God om Self reg en geregtigheid te laat geskiet, ook in die straf en oordeel ten opsigte van ander mense. So 'n mens probeer nie God se werk oorneem nie en veroordeel en kritiseer nie ander mense nie. Daarom is dit so hartseer om te sien dat gelowige mense soms nog in satan se strik trap, en God nie vertrou vir reg en geregtigheid nie. Dan wil die mens voortgaan om God se werk ten opsigte van oordeel en straf te doen, soos die ongelowige. Hy kan en wil net nie vergewe en die oordeel aan God oorlaat nie. Die gelowige mens vergeet dan dat God die regter is en nie die mens nie. Die mens is daar om na Jesus se voorbeeld te vergewe. God is die regter en oordeel en deel straf uit soos Hy goeddink. Dit is net nie die mens se terrein nie.

14 Julie

Groot Kritiek (2)

Meselema: Die Here beloon.

Wanneer na kritiek en oordeel gekyk word, lyk dit of dit tog soms vir die mens geoorloof is om situasies en mense se optrede (nie die mens self nie) sowel as sy eie optrede, te beoordeel en te kritiseer. Ook Jesus het as voorbeeld die Fariseërs en Skrifgeleerdes se optrede gekritiseer. Ook vir hom was sekere situasies onaanvaarbaar en het Hy hom daarteen uitgespreek. Dink in hierdie verband aan die misbruik van die tempel as 'n handelshuis (Mat. 21:13). Paulus het weer vir ons duidelik aangetoon dat 'n mens krities teenoor jou eie optrede kan staan. Dink maar aan die geleentheid waar hy verwys na die feit dat hy dikwels die goeie wou doen maar dit nie gedoen het nie (Rom.7:21).

Hierdie selektiewe kritiek en oordeel bring ons by 'n baie interessante gedeelte, ten opsigte van kritiek en oordeel, in die Bybel, naamlik Matteus 7: 6.

Wees versigtig wanneer julle tussen mense is wat geen respek vir God het nie. Hulle verstaan glad nie hoe groot en heilig Hy is nie. Moenie julle tyd mors om met hulle oor God te praat nie. Soos 'n trop varke sal hulle Sy goedheid onder hulle voete vertrap. Boonop gaan hulle julle ook nog beledig en vervolg.

Die boodskap hier is om baie versigtig te wees wanneer jy met mense oor hulle optredes gaan praat en hulle optredes begin kritiseer. Moenie naby die varkhokke

kom met jou kritiek en oordeel nie. Nou waar is die varkhokke? Dit is daar waar mense nie respek vir God het nie en nie verstaan hoe groot en heilig Hy is nie.

Nou waar is dit? Ek kan aan 'n paar plekke dink. Die sekulêre media soos die koerante, tydskrifte en televisie, wat geen respek vir God toon nie, is van die varkhokke waar jy moet wegbly. Hier gaan jy seerkry. Hulle gaan nie net God se goedheid onder hulle voete vertrap nie maar jy gaan beledig en vervolgd word.

Kritiek en oordeel, reg gebruik, het dus plek in die Christen se lewe. Om te kan kritiseer en oordeel moet daar aan 'n sekere maat of kriterium gemeet word. Vir die Christen is hierdie maat en kriterium die Woord van God. So kan situasies, optredes van ander mense en die eie lewe beoordeel word. Ongelukkig het satan kritiek en oordeel geëe vir sy eie doeleindes. Vanuit die satanistiese beoordeling word daar van ander maatstawwe, as die Woord van God, gebruik gemaak. Satanistiese oordeel en kritiek teiken veral die mens en in 'n mindere mate sy optrede. Die vraag ontstaan nou na die wese van die maatstawwe van satanistiese oordeel en kritiek? In die eerste plek gaan dit oor die **afgodmens**. Alles wat goed vir die mens is, sy verheerliking, sy onafhanklikheid, alles wat die mens help om homself te aktualiseer is 'n goeie maatstaf. So sal die mens wat volgens die sekulêre media gearriveer het in die lewe, iemand wees wat baie selfvertroue het, onafhanklik is in sy eie rykdom en eie besluitneming, gebalanseerd in beheer van sy eie lewe is, nie oorboord gaan met godsdiens nie, so 'n bietjie buite-egtelike seks beoefen, bietjie begeer(onthou 'n man is 'n man)

‘n groot deel van sy lewe aan sport en plesier afstaan(onthou ons leef net eenmaal) ens . Vir ‘n volledige lys van dit wat vir afgodmens belangrik is kies maar net ‘n sekulêre dagblad en lees dit deur.

Satan het in sy wysheid dit ook reggekry om, met sy tipe oordeel en kritiek, die universiteite binne te dring. Waar is die dae toe daar nog ‘n Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys bestaan het? Die student word vandag geleer om krities te dink, dit wil sê volgens satanistiese maatstawwe van wat die mens se status as mens verhef, dit wat die mens se koninkryk uitbou en volgens wat die mens wil en begeer. Hy word geleer om homself te aktualiseer. Hy moet onafhanklik kan dink. *He must be master of his own fate.* Hy moet uitgaan met selfvertroue en die vermoë om sy eie ding te kan doen ens. Hy moet krities kan dink. Wat dit dan nou ookal beteken.

Wanneer die mens die terrein van kritiek en oordeel betree, moet hy baie versigtig wees. Die menslike begrip van hierdie ingewikkelde saak is maar baie oppervlakkig. Neem in hierdie verband nou maar net die uitspraak van Jesus in Matteus 7: 23 en 24

As iemand op ‘n sabbatdag die besnydenis mag ontvang om nie die wet van Moses te verbreek nie, waarom is julle vir My kwaad omdat Ek op ‘n sabbatdag iemand se hele liggaam gesond gemaak het? Moenie op die oog af oordeel nie, oordeel regverdig.

Dus: Wees versigtig in jou oordeel en wees veral versigtig vir die varkhokke.

15 Julie

Groot Troue

Mesabeël: God red.

Ek en jy, is die bruid van Christus wat vir ons Bruidegom, ons Here Jesus, wag om ons te kom haal. Hierdie heugelike gebeurtenis speel af soos Jesus dit vir ons voorstel in die gelykenis van die *vyf wyse en die vyf dwase maagde* wat vir die koms van die bruidegom wag. Wanneer van 'n bruid en 'n bruidegom sprake is word van 'n troue gepraat. Ons as bruid **trou** met Jesus ons Bruidegom; ons word een met Hom in ons **vertrou** in Hom. Wanneer ons in Hom glo as Verlosser en Redder en Heil, (wat die *Naam Jesus* vir ons beteken), beteken dit dat ons Hom **vertrou** omdat Hy **trou** is, **betroubaar** is en **getrou** is.

Uit 'n huwelik word gewoonlik nuwe mensies gebore. Met ons is dit nie anders nie. Uit ons verbintenis met ons Bruidegom word ook 'n vrug gebore. Dit is die vrug van die Heilige Gees se inwoning in ons. Die vrug is liefde, vrede, vreugde, geduld, vriendelikheid, goehartigheid, **getrouheid**, nederigheid en selfbeheersing (Gal.5:22). 'n Mens kan sê God se Gees kom trou met ons gees en bring so die vrug van die Heilige Gees se inwoning in ons voort.

Dit is nou nie meer ek, ou mens, wat leef nie. Soos Egliede in die huwelik een word en die *ek* met *ons* vervang word, gebeur dit ook in die eenwording van God se Gees met ons gees. Ons is nou een met God en die ou mens het gesterf, die ekmens leef nie meer nie (Gal.2:20). In hierdie eenwording ontvang ek God se koninkryk in my, dit wil sê God, Sy Seun en Sy Heilige Gees. Die ou mens se

siel word geleidelik met 'n nuwe siel vervang. Die nuwe siel dink, ervaar en wil nie meer soos die ou siel nie. Nie net ontvang ek in my trou met Hom die begin van 'n nuwe siel nie, maar ook die belofte van 'n nuwe liggaam, wanneer die ou liggaam afsterf. Die eerste tekens van 'n nuwe liggaam is die nuwe sintuiglike ervarings wat die wedergebore mens ervaar: Nou sien die nuwe mens met nuwe oë. Hy kyk met God se oë vol liefde en deernis. Hy hoor hoe die voëltjies God prys en dank. Hy luister graag na wat goed, mooi, edel, waar en prysenswaardig is. Hy vloek en vervloek nie meer met sy mond nie maar smaak dat God goed is en laat sy mond God se eer verkondig. Hy proe nie meer die swelgpartye se oormaat kos en drank nie, nee hy proe die Brood van die Lewe as hy God se Woord eet. Hy proe en smaak dat God goed is. Hy ruik die heerlike geur van medegelowiges se teenwoordigheid en hy voel hoe God se arms hom in liefde omvou.

In hierdie absolute geborgenheid van ons eewording in ons troue met Jesus, kan ons stil by Hom sit soos 'n tevrede bruidjie, en Hom toelaat om ons lief te hê, ons vir wie Hy so 'n duur bruidskat betaal het.

Dankie, Dankie, Dankie my Here en My God.

Mesullemet: Vriendin van God.

Vir 430 jaar het Jakob se afstammeling in Egipte gebly. Hulle het van 'n skamele, minder as honderd, na miljoene toe, toegeneem en so het hulle 'n volk geword (opgeteken in Eksodus). Hulle het ook in die proses vir die Egiptenare so 'n bedreiging begin word, dat die Egiptenare hulle as slawe onderwerp het. So leef die Israëliete dan na 400 jaar as slawe in Egipte (Gen.50 en Eks. 1 en 2)

God besluit egter om Sy volk van die slawerny te verlos en hulle uit die land van slawerny uit te lei. Al wat sy volk op die ou einde van hulle slawerny bestaan verlos het, is toe God al die eersgeborenes in Egipte laat sterf het. Alleen die Israëliete wat die bloed van 'n lam aan hulle deursnyne gesmeer het, word gespaar en word so van hulle slawebestaan verlos.

Die volk Israel word deur Moses uitgelei uit die land van slawerny. Om werklik te kon breek met hierdie slawebestaan was dit nodig dat hulle deur die Rooisee trek. Die wolk van die Here lei hulle bedags en 'n vuurkolom lei hulle in die nag. Die aanslag van Egipte en pogings om die Israëliete weer te onderwerp en terug te bring Egipte toe word deur God afgeweer. Die Egiptenare sterf in die Rooisee. Hulle kon nie soos die Israëliete deur die see trek nie.

Die Israëliete word deur God in die woestyn gevoed met brood, vleis en water.

Nadat met die Egiptenare afgereken is, is die volgende groot uitdaging vir die Israëliete om die Beloofde Land, Kanaän, in te trek. Vir die doel word 12 verspieders die Beloofde Land ingestuur. Slegs 2, Kaleb en Josua, het die geloof om te verklaar dat God hulle teen al die reuse en versterkte stede sal help en vir hulle oorwinning oor die heidene sal gee. Die ander 10 verspieders glo nie dat God hulle kan inbring nie. Die volk kies om hulle agter die ongelowige verspieders te skaar en oorweeg om terug te trek Egipte toe.

God gee vir die ongelowige volk spesifieke riglyne, in die Tien Gebooie, oor hoe hulle moet lewe. Hulle kry ook die belofte dat hulle vanweë hulle ongeloof in God se vermoë om hulle te red, nie die Beloofde Land sal ingaan nie, maar almal in die woestyn sal omkom. Josua en Kaleb is die enigstes van die volwassenes van daardie geslag wat in die Beloofde Land sal ingaan.

Vir 40 jaar swerf die volk dan ook in die woestyn rond totdat God sy belofte waar maak het en almal omgekom het.

Uiteindelik bereik die volk dan ook die Beloofde Land en gaan deur die Jordaan die Beloofde Land in. Hulle word deur dit wat God doen so bekragtig in hulle geloof dat God wonders met hulle kan doen, en hulle in God se krag die vyande in die Beloofde Land oorwin.

Voordat hulle die Beloofde Land kon ingaan moes hulle eers deur die Jordaan trek. Weer kon hulle, soos deur die Rooisee, deur die water gaan as gevolg van God se wonderwerk. Op die bank van die Jordaan in die Beloofde Land moes die

volk eers besny word. Die volk leer van afhanklikheid en gehoorsaamheid wanneer hulle Jericho inneem. Hulle leer ook van die gevare om in eie krag sonder God die ou klein stadjie Ai te probeer inneem, toe hulle druiptert voor die inwoners van Ai moes vlug. Hulle leer ook van die gevaar om met die heidene kompromis te maak, toe die Gibeoniete hulle so maklik uitoorlê. Hulle leer ook dat hulle alleen die Beloofde Land in besit kan neem indien hulle self ook iets doen, en bereid is om in geloof al dieper die Beloofde Land in te beweeg.

So baie Israeliete het in die woestyn gesterf. Baie moes ook in die Beloofde Land sterf. **Alleen die wat in geloof en gehoorsaamheid aan God geleef en beweeg het, kon diep in die land van genade inbeweeg en ten volle in besit neem wat God vir hulle wou gee.**

17 Julie

Grootste Gelykenis(2)

Metusael: Man van God.

Jesus het Sy toehoorders dikwels deur gelykenisse geleer. Op die vraag van Sy dissipels oor waarom Hy dikwels deur gelykenisse met Sy toehoorders gepraat het, antwoord Hy in Mat. 13 vanaf vers 10 soos volg:

11. As julle mooi na My verhale luister, sal julle baie oor God se mag in hierdie wêreld leer. Julle wat My ken sal die verhale reg verstaan. Maar wie die verhale nie met die oog op My boodskap wil verstaan nie, sal nooit weet wat dit beteken nie.

13. Mense wat nie wil aanvaar dat God nou en hier werk nie, sal niks verstaan van wat besig is om te gebeur nie.

16. Julle is gelukkig want julle geestelike oë sien en julle geestelike ore hoor.

Nog voor Jesus, word 'n groot gelykenis gebruik om boodskappe oor te dra. Indien ons na die **geskiedenis van ou Israel** kyk het ons benewens die historiese uiteensetting ook hier met 'n **Goddelike gelykenis** te doen. God bestuur die lotgevalle van Sy volk. Hy skryf hulle geskiedenis soos Hy dit wil hê. Hierdie verhalings van Israel se geskiedenis is nie net feitelik opgeteken nie maar dui ook op geestelike ervarings wat die mens duisende jare later sal beleef. Die geskiedenis is dus eintlik 'n **profetiese gelykenis**.

Kom ons kyk nou na wat hierdie geskiedenis vir ons as gelowiges vandag beteken en vir ons leer:

Israel se **slawernybestaan** in Egipte dui op die ongelowige mens se sondebestaan soos ons dit vandag ken. Soos Israel in slawerny was so is die ongelowige ook vasgevang as slaaf van die sonde.

Soos daar vir Israel **verlossing** gekom het uit die slawernybestaan, is dit ook vir die sondaar vandag moontlik om van sonde verlos te word. Die Israeliete moes die **bloed van 'n lam**, sonder gebrek, aan die deurkosyne van hulle huise smeer om hulle teen die dood te beskerm. Hierdie gebeurtenis, waar die eersgeborenes van Egipte gesterf het, het die farao finaal oortuig om Israel te laat trek. So het die dood van die eersgeborenes vrymaking vir Israel bewerk. Ook vandag kan die dood van God se Eersgeborene, ons Jesus Christus, Sy bloed, die perfekte Lam, mense van sonde vrymaak. Hierdie heuglike gebeurtenis van verlossing word dan ook vandag in die Paasfees herdenk.

Soos Israel deur Moses **uit die land van slawerny uitgelei** word, lei Jesus ons deur Sy offer aan die kruis, ook uit die land van sondeslawerny. Ons word so van die mag van sonde verlos.

Om werklik te kon breek met die slawebestaan moes Israel deur die **Rooisee** trek. So kon hulle onherroepelik die slawebestaan van Egipte agter hulle plaas.

Hierdie trek deur die Rooisee kan op die hedendaagse doop van gelowiges dui. Wanneer die mens tot bekering kom laat hy hom doop. In hierdie gebeurtenis by die Rooisee kan daar heelwat raakpunte met gebeurtenisse in die gelowige se lewe gevind word. Die **verteenwoordigers van die persone wat Israel in slawerny gehou het, sterf in die Rooisee**. Hulle gee nie maklik op nie en wil Israel graag weer onderwerp. Satan gee ook nie maklik op nie en probeer altyd weer die gelowige terugbring onder die slawebestaan van die sonde. Terselfdertyd oorleef die Israëliete nadat hulle deur dieselfde Rooisee getrek het. Die doop plaas afstand tussen die bekeerling en sy ou sondebestaan. Hierdie deurtrek deur die Rooisee mag dui op die ou mens wat sterf in die doopwater waar hy nie kan asemhaal nie en die nuwe mens wat begin lewe sodra hy die Gees van God inasem wanneer hy uit die doopwater opkom, wat simbolies in die bekeringsdoop uitgebeeld word.

Migajahoe: Wie is soos die Here?

Al die Israeliete van 20 jaar en ouer **het in die woestyn omgekom** nadat hulle deur die Rooisee getrek het. Hulle het nooit die Beloofde Land ingegaan nie. Hulle het bly hunker na die vleespotte van Egipte. Dit mag simbolies daarop dui dat die mens wat tot God kom wanneer hy eers volwasse is, dikwels nog terughunker na die sondebestaan waaraan hy so gewoon geword het. Die kinders wat nog kon onthou van die slawebestaan in Egipte en die swaarkry, was dalk nie so verknog aan die sonde-slawebestaan soos die volwassenes nie. Dit was dalk vir **hulle makliker om Egipte agter te laat en uit te sien na die Beloofde Land**. Dalk het Jesus iets hiervan in gedagte gehad toe Hy gesê *het dat dit vir ons moeilik sal wees om in Sy Koninkryk in te gaan indien ons nie soos kindertjies word nie (Mark 10:13)*.

Nadat Israel deur die Rooisee getrek het, lei God Sy volk bedags met die **wolkkolom en snags met die vuurkolom**. God is dus by Israel teenwoordig in water en vuur. Dit laat ons dink aan die water van die doop en die (Mat.3:11) teenwoordigheid van God wat dikwels in die vorm van vuur uitgebeeld word soos wanneer God met Moses vanuit die brandende Braambos praat.

Die **afsterwe van die Egiptenaars** in die Rooisee dui ook op die oorwinning van Jesus oor die satan toe satan by Jesus se kruisiging, dood en opstanding finaal oorwin is.

Die Israeliëte word in die **woestynbestaan** deur God met water, vleis en brood gevoed. So word ook die nuwe bekeerling deur God versterk en geestelik gevoed in die Nagmaal met brood en wyn wat op sy liggaam (vlees) en Sy bloed (wyn wat ons drink soos water) mag dui. Toe die **pasga ingestel is in Egipte** was daar ook sprake van brood en van bloed en van vleis wat geëet is. Ons word ook in die daaglikse **manna** van ou Israel herinner dat Jesus ons daaglikse lewende brood is waarsonder ons nie kan lewe nie.

Die 2 verspieders **Josua en Kaleb**, wat in geloof aanvaar het dat God al die reuse en uitdagings vir Israel te bowe kon kom, dui op die mense wat in geloof hulle uitstrek na die Beloofde Land, die Ewige Lewe, wat hulle glo God vir hulle gegee het. Ongelukkig dui die meerderheid **verspieders se ongeloof**, ook op die meerderheid van mense wat van die die Beloofde Land van die Ewige Lewe en van God se genade sal hoor, maar nie sal glo dat God vir hulle die ewige lewe kan gee nie. So sal die meerderheid mense wat die Woord hoor dan ook nie ingaan in die Beloofde Land van die Ewige Lewe nie. In hierdie verband kan ook aan Jesus se gelykenis van die 10 maagde wat vir die bruidegom gewag het, gedink word (Mat.25:1). Almal het gewag, almal het geweet van die bruidegom, maar net die helfte van die wat geweet en gewag het, het saam met die bruidegom ingegaan om saam met Hom fees te vier.

Soos die meerderheid **Israeliëte ongelowig gekies** het om terug te gaan Egipte toe is daar ook baie mense wat van die Ewige Lewe hoor, maar nie die geloof het

om God daarvoor te vertrou nie, en kies om terug te gaan na die ou lewens toe, van selfgenoegsaamheid en oorheersing van die sonde.

Omdat die Israëliete se geloof so swak was gee God vir hulle **riglyne** waarvolgens hulle moet leef. Die mens wat nie uit geloof lewe nie sal ook sy eie saligheid moet probeer verdien deur goeie werke te doen. Hierdie uitweg is fataal en almal wat so kies om God te probeer behaag sal sterf, voordat hulle die Beloofde Land van Verlossing bereik. Slegs Josua en Kaleb, die twee wat **gekies het om te glo** dat God die Beloofde Land aan hulle kan gee, sou in geloof die Beloofde Land ingaan. Pragtig is dit om te weet dat **Josua** die Hebreus vir die Griekse Jesus is. Dit beteken die Here is Verlosser, Redder en Heil. Alleen die siel wat Jesus so ken sal ingaan in Sy koninkryk.

Migaël: Wie is soos die Here?

Wat nou van Kaleb? **Kaleb** beteken hond. Moontlik kan Kaleb iets soos ‘n Gidshond vir blindes vir die blinde Israel optree. En soos ‘n hond getrou agter sy Eienaar aanstap, het Kaleb ook getrou agter sy Here se beloftes aangestap die Beloofde Land in.

Israel moes **40 jaar in die woestyn rondswerf**. So moet die gedoopte kind van God ook dikwels die ontberings van ‘n woestynbestaan beleef om geestelik te kan groei en gereed gemaak te word om die Beloofde Land in te gaan. Soos die **Israeliete sterf in die woestyn** moet die bekeerling ook dikwels nog aan baie dinge van homself of haarself afstand doen en sterf aan die eie ek.

Soos die Israeliete **weer deur water moes gaan** om die Beloofde Land in te gaan is dit gewoonlik ook vir die gedoopte kind van God nodig om die doping met die Heilige Gees deur te gaan voordat die Beloofde Land werklik in besit geneem kan word. Soos die Israeliete wonderbaarlik in hulle vertrou in God se almag versterk word toe hulle **droogvoets deur die Jordaan** trek, word die persoon wat in die Heilige Gees gedoop word ook deur God se Gees versterk vir dit wat nog in die Beloofde Land gedoen moet word.

Soos Israel nie op die **walle van die Jordaan** kon bly kuier en speel nie, so kan die geredde kind van God nie passief rondhang binne die grense van 'n selftevrede geredde toestand nie.

Israel moes eers **besny** word voordat hulle die Beloofde Land kon intrek en in besit neem. So moet die kind van God ook afgesny word van die dinge wat die ou lewe gebied het. Hy moet onder andere van sy eie selfbewustheid en selfsug bevry word, sy ou vleeslike begeertebestaan moet agtergelaat word en hy moet van ou wettiese doengodsdiens bevry word.

Die volk Israel leer veral hulle **afhanklikheid van God** ken en die noodsaak van absolute gehoorsaamheid aan God toe hulle Jericho verower. So word die gelowige kind van God ook dikwels voor Jericho's gestel wanneer hy of sy hulle afhanklikheid van God leer ken, in absolute gehoorsaamheid aan Hom. Ook vir hulle is daar die wonderlike openbaring van God se almag opgesluit wanneer dit gaan oor God se eer en God se wil.

Uit die Israëliete se klaaglike mislukking om die ou klein stadjie, **Ai**, in te neem, leer die kind van God dat dit nodig is om selfs in die klein dingetjies nie op jou eie insigte en kragte staat te maak nie (Josua 7). In alles moet God geken en vertrou word.

In die fiasko wat volg op Israel se onderhandelinge met die **Gibeoniete** sonder **dat hulle na God se wil vra**, kan die gelowige ook baie leer (Josua 9). Kompromis met die wêreld is vandag nog net so gevaarlik soos dit 3000 jaar

gelede was. Indien jy kies om God uit jou besluite weg te laat kan jy die res van jou lewe, selfs as gelowige, onder die gevolge van jou sinnelose besluite ly.

Israel moes intrek en die Beloofde Land in besit neem. So moet die gelowige ook daadwerklik optree. Hy mag nie passief op die walle van die Jordaan sit en speel nie. Daar wag stryd en oorwinning. Daar wag vir die gelowige inspanning en probleme. Daar wag wonderlike oorwinnings, vreugde en beloning, indien God se wil eerbiedig word en gelowig op Hom vertrou word.

Die teendeel is ook waar indien die gelowige in eie krag en ongeloof die Beloofde Land betree.

Soos so baie Israëliete in die woestyn, en in die Beloofde Land, moes sterf vanweë ongehoorsaamheid en gebrek aan vertrouwe in God, so sal daar ook baie mense, wat as gelowiges begin, langs die geloofspad omkom en nooit die Beloofde land intrek of in besit neem nie.

Mikneja: Eiendom van die Here.

Die moderne samelewing is deurtrek met een besondere afgod. Hierdie afgod is subtiel, in bykans alle samelewingsverbande, teenwoordig. Dit gebeur tans toenemend dat hierdie afgod openlik aanbid word. Dit het selfs 'n modegier geword om die afgod te aanbid. Die media, koerante, tydskrifte en televisie doen ywerig hulle deel om hierdie afgod te propageer. Die meeste mense is so geïndoktrineer deur die media dat hulle glo dit is reg om hierdie afgod te aanbid. Gevolglik het hierdie afgod die samelewing verrot. Hierdie afgod was reeds vanaf die vroegste tye teenwoordig maar die aanbidding van hierdie afgod ruk in ons tyd totaal hande uit. Hierdie afgod vernietig God se beeld in die mens. Dit het die god van die moderne tyd geword.

Nou wie en wat is hierdie afskuwelik afgod?

Dalk het u al van hierdie afgod gehoor. Hy word **selfvertroue** genoem. Dit is nie eintlik nodig om hierdie god te verduidelik nie want sy naam sê presies wat hy is- selfvertroue. Die vertroue op die self. Waar God se Woord ons leer om ons vertroue in God te stel, sê selfvertroue: *Nee, stel jou vertroue in jouself*. Hierdie afgod leer ons om nie op God te vertrou nie. Hy leer ons dat ons selfgenoegsaam is, dat ons self tot alles in staat is; *every man is master of his own fate*. Hierdie god laat ons glo dat die mens self god is, onbepaalde vermoëns het, dat hy alles self kan doen. Die mens wat hierdie afgod dien is voortdurend op

selfaktualisering ingestel. So ‘n mens glo dat alles deur die mens vermag kan word. Hy glo dat hy sy eie saligheid deur goeie werke kan verdien. Al wat hierdie afgod van jou vra is dat jy op jouself moet vertrou. Soos die moderne Sielkunde sê: *Jy is self onbeperkte moontlikheid*. Hierdie afgod glo die mens kan alles doen as hy homself net reg oriënteer. Die mens glo hy kan alle probleme self oplos. Hy moet net in homself glo en op homself vertrou. Verder moet die mens, wat voor hierdie afgod buig, nog ‘n paar tegnieke bemeester, soos om net positief te spreek, positief te dink en positief op te tree. Kortom, jy is jou eie god. Glo net in jouself, soek al die gurus op wat jou kan help om hierdie beeld van jouself op te bou en regop te hou, en siedaar die afgodsbeeld is gebou. Nou kan jy net voortdurend daarop fokus dat jy jou eie god is en dat jy net op jouself moet vertrou. Hierdie mens moet onthou om Spreuke 3: 5 in sy Bybel dood te trek en so ook al die ander versies wat teen hierdie afgod waarsku. Lank terug het satan reeds hierdie pad van die vergoddeliking van die self begin loop. Dit het hom sy plek in die hemel gekos. Die mens, wat soos satan, homself vergoddelik deur op homself te vertrou, gaan beswaarlik by selfverloëning en kruisdra uitkom.

Daar is natuurlik ‘n alternatief vir die vergoddeliking van die mens. Hy kan ook kies om God se Woord te gehoorsaam en Jesus se woorde in Mat. 16:24 uit te leef.

As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg.

Alleen dan is daar ruimte in die binneste van die mens vir God. Dan is die mens geledig van die selfgod binne-in homself. Dan is hy gereed om God in Sy volheid te ontvang.

21 Julie

Groter as God?

Milalai: Die Here het gesprek.

Niks kan tog groter as God wees nie. Tog wonder 'n mens of daar nie iets is waardeur God Hom laat lei nie. Dink nou maar aan liefde. God is so nou verweef met liefde dat op menige preekstoel die woorde *God is liefde* staan. Is dit moontlik dat God Sy enigste, Sy geliefde Seun sou opoffer, indien Hy Homself nie deur Sy liefde vir mense laat lei het nie?

Sou God die wonderplan van Geregtigheid vir mense kon implimenteer indien Hy Hom nie deur Sy volmaakte geregtigheid laat lei het nie? God kon tog in Sy Almag, die mens vrygespreek het van sy sondes. Tog was dit nodig dat God Sy volmaakte geregtigheid moes eerbiedig en vir die onreg van mense, Sy Seun wat vry van enige onreg was, vir die mens opoffer. Indien na die geskiedenis van Abraham en die offer van Isak gekyk word (Gen.22:2), sien ons dat Abraham buig voor die hoër eis van gehoorsaamheid aan God, eerder as sy liefde vir sy geliefde seun. Gebeur so iets ook met God? Word God ook beïnvloed deur dinge wat Hy toelaat om Hom te lei. Is dit wat God gemotiveer het om Sy Kosbaarste te gee vir die hoogste geregtigheid, om ons van die hel te red?

Instinktief voel ons aan dat die beredenering verkeerd is. God is beslis verhewe bo alles. Hy is God. Niks is hoër as God nie. Hy is Geregtigheid en Hy is Liefde. Hy bring saam met Hom liefde en geregtigheid. Sonder Hom sal daar nie liefde en geregtigheid wees nie. Ook liefde en geregtigheid is ondergeskik aan Hom.

Hy is soewerein. Liefde en geregtigheid is bloot God se werktuie, deel van wat Hy kies om te gebruik.

Misael: *Wie is soos die Here?*

Die grootste gedeelte van die mens se liggaam bestaan uit water. Water bestaan uit Waterstof en Suurstof

Die mens word in Water en Gees gedoop. Waterstof kan vir die waterdoop staan en die suurstof vir die doping in die Heilige Gees. Die waterdoop was die mens se liggaam simbolies skoon van alle sondes, in Jesus se bloed. Die doop in die Heilige Gees was die mens se gees simbolies skoon, in Jesus se bloed. Soos die liggaam met water skoongewas word en so nuut word, word die mens se ou gees met 'n nuwe Gees vervang. Hierdie proses gebeur deur die asem van die Lewe, Jesus se lewe, in te asem, amper soos die Suurstof, ingeasem word wanneer die mens uit die doopwater opstaan.

Die waterdoop is die mens se verantwoordelikheid. Die doping in die Gees, is God se verantwoordelikheid. Die mens is vlees en God is Gees. Iewers moet die mens oorgaan vanuit die tydelike fisiese bestaan na die ewige Geesbestaan.

Water en Suurstof, die lewensnoodsaaklike elemente vir die fisiese bestaan, dui op die lewensnoodsaaklike elemente vir die Geestesbestaan; die doping in water en Gees. Die Heilige Gees, die Ruach, word nie verniet met wind, die rondbeweeg van Suurstof verbind nie. En die liggaam word nie verniet deur sy samestelling met water verbind nie.

Wat 'n Goddelike misterie. Deur die breking van die vrou se water word haar kind gebore, deur die water heen. So word die mens ook nuut in die Heilige Gees gebore deur die doopwater heen. Eers hou die ou mens simbolies onder die water op om asem te haal, en sterf aan homself (gedoop in Jesus se dood Gal 2:19 en 20)) en dan begin die nuwe mense om die asem van die lewe, die Heilige Gees in te asem.

Water en lug, so sinvol in God se plan vir die mens se lewe, word in sy nuwe lewe ingeweef. **Wedergebore.**

23 Julie

Haai jy

Naärraja: Dienaar van die Here.

Haai jy, is seker die oneerbiedigste aanspreekvorm wat daar bestaan, behalwe om ‘n persoon blatant rassisties te verneder, met aanspreekvorms wat oorbekend aan ons is.

Op ‘n kontinuüm van onrespekvol tot respekvol sal die volgende trappie vanaf *Haai jy*, seker iets soos die volgende kan wees: *Ou Piet, Ou San, Ou Moses, Ou Petrus, Ou Dawid, Ou Noag*.

‘n Bietjie respek word al aangedui wanneer jy die moeite doen om iemand se naam te leer en dit begin onthou. Dan sal dit soos volg begin klink: *Jan, kom hier of San het vir my iets gedoen*. ‘n Naam kan egter ook met disrespek gebruik word soos Petros in plaas van Petrus.

Iets so in die middel van ons kontinuüm sal respekvolle aanspreekvorms word soos *meneer of mevrou*.

Groot agting en respek vir mense word egter deur **titels** soos die volgende aangedui: U Edelagbare, Professor, Dokter, Dokter, Pastoor, Dominee, Advokaat en Sy Edele. Die persoon wat hierdie titels verwerf het, waak ook gewoonlik oor die gebruik van die titel aangesien die titel met harde studie of moeite gepaard gegaan het. By titels geld ook ‘n rangorde. So is die titel van *dominee of pastoor*, vir die meeste mense, ondergeskik aan die titel van Dokter. ‘n Persoon verkies

dan ook in die meeste van die gevalle om eerder die eerbetoning wat met 'n vlak van akademiese bekwaamheid gepaard gaan te gebruik, as die eerbetoning wat deur *dienskneg van God* aangedui word. Doktor is egter ook weer ondergeskik aan Dokter. Iets wat nie meer so algemeen voorkom nie, maar wat wel in die verlede gebruik is, is om die gade van die persoon wat die betiteling ontvang het, ook te vereer soos byvoorbeeld by Mevrou Dominee. Soms word 'n persoon dubbel betittel soos *Professor Doktor of U Edele*.

Met die betiteling van mense kan seker nie baie verkeerd gevind word nie. Mense het gewoonlik uitsonderlik presteer om die betiteling te verdien. Die probleem kom egter by die feit dat dieselfde mens, wat so maklik kies om die titel van 'n medemens te gebruik, selde dieselfde respek vir die Een wat regtig respek verdien, betoon. Daar is net nie konsekwentheid nie. Ek praat van disrespek teenoor die Koning van alle Konings, die Skepper van alles op aarde, Die Erekening, Die Ewige, Die Allerhoogste, Die Alomteenwoordige, die Alwyse, die Ewige, die Een Wat Is Wat Hy Is. Ek praat van EL OLAM(EWIGE GOD), EL ELJON(ALLERHEILIGSTE GOD), EL SHADDAI(GOD ALMAGTIG), ELIEL(GOD IS GOD), ELIFAS(GOD IS SOOS FYN GOUD), ELISAU(MY GOD IS REDDING), ELIMELEG(GOD IS KONING), en van SY SEUN JESHUA(DIE HERE IS REDDER , VERLOSSER EN HEIL) Ja ek praat van Hom wat so nederig was dat Hy gesê het: *Maar julle moet julle nie **Rabbi** laat noem nie; net Een is julle Leermeester en julle is almal broers. Moet niemand*

*hier op aarde as **Vader** aanspreek nie, want Een is julle Vader; die Vader in die hemel. Julle moet julle nie **Leier** laat noem nie, want Een is julle Leier: die Christus (Matt. 23: 7). Ek praat van Hom wat maar sommer net tevrede was om sonder 'n titel op hierdie aarde te lewe. Hy wat maar net **Jesus** was.*

24 Julie

Hagar

Nagbi: Die Here vertroos.

My naam beteken *vlugtende*. Dit som my lewe nogal mooi op. Kom laat ek jou van my lewe vertel.

Toe ek nog baie jonk was, het ek in Egipte gebly. Ons familie was slawe vir die farao. Eendag het daar iets snaaks gebeur. 'n Vreemde man uit Israel het by ons in Egipte aangekom. Hy het 'n baie mooi vrou gehad. Die man se naam was Abraham en sy vrou se naam was Sarah. Die man het gemaak asof die mooi vrou sy suster is, want hy was bang farao sal hom doodmaak om sy mooi vrou te kry. Die farao het toe vir Sarah na sy paleis laat kom en hy wou met haar trou maar die God van Abraham het rampe oor die farao gestuur, totdat hy uitgevind het dat Sarah eintlik Abraham se vrou is. Hy was baie kwaad en het Abraham en Sarah weggejaag. Ek is as slavin vir Sarah gegee.

So het my naam van *vlugtende* begin betekenis kry. Ek het saam met Abraham en Sarah gevlug na die land Israel toe.

Hier het 'n besondere ding met my gebeur. My heer Abraham en sy vrou kon nie kinders hê nie. Sarah het my vir Abraham gegee en hy was 86 toe hy my swanger gemaak het. Skielik was ek belangriker as Sarah. Dit het my baie trots gemaak en ek het op Sarah begin neersien. Sy het dit agtergekom en vir Abraham daarvan vertel. Sarah het my so sleg behandel dat ek dit later nie meer kon uithou nie en

ek het besluit om, soos my naam sê, maar te vlug. Die enigste plek waar ek veilig gevoel het was in die woestyn. Hier het die God van my heer Abraham, aan my verskyn en sekere dinge vir my gesê. Hy het gesê dat ek moet teruggaan na Sarah toe. Hy het ook gesê dat hy my kind tot 'n groot en magtige volk sal laat groei. Met hierdie wonderlike ervaring het my hele lewe verander. Ek het die Lewende God, die God van my Heer Abraham, ontmoet. So het ek my naam gestand gedoen en maar weer terug gevlug na Sarah toe. Hier het 'n wonderlike ding vir Sarah gebeur. Sy en Abraham het die belofte van God gekry dat sy ook 'n kind gaan verwag. Ongelukkig moes hulle nog 14 jaar daarvoor wag. Toe gebeur die wonder en Isak word vir Abraham en Sarah gebore. My heer Abraham en sy vrou Sarah was so bly oor die kindjie. Waar Abraham baie tyd aan my kind Ismael bestee het en baie lief vir hom geword het, het die klem nou na Isak toe verskuif. Ismael was lief vir sy halfbroertjie en het lekker met hom gespeel. Ongelukkig het Sarah jaloers geword op my seuntjie en sy het Abraham gevra om my weg te jaag. Sy wou ook nie gehad het dat Ismael van Abraham se besittings moes erf nie. Hy het nie die moed gehad om my en my kind weg te jaag nie, en het vir Sarah gesê dat ek haar slavin is, en dat sy met my moet doen soos sy wil. Sarah het nie op haar laat wag nie en my en die kind weggejaag. Ek sal nooit vergeet die dag toe ek en Ismael daar weg is nie. Abraham het dit sleg gevat. Hy het persoonlik vir ons broodrolletjies gebak, 'n sak vol water gemaak en die kos op my rug vasgemaak. Hy het ons met trane in sy oë gegroet en ons dopgehou totdat ons in die verte verdwyn het. Weer was ek voortvluggend. Ek en Ismael, my kind,

het amper in die woestyn van dors gesterf. Weer het die Here my vereer deur met my te praat. Hy het gesê: Hagar, Ek is by jou. Moenie bang wees jou kind gaan sterf nie. God het hom gehoor daar waar hy onder die struik lê. Gaan tel hom op en troos hom, want ek sal hom nog eendag 'n groot nasie maak (Gen.2: 17).

My naam het verder my lewe beskryf. Ismael het grootgeword, hy het in die woestyn gewoon en hy was 'n goeie jagter. Ons het baie rondgetrek. Ek was maar altyd naby my kind en ek het die voorreg gehad om vir hom 'n Egiptiese vrou in die hande te kry, 'n vrou soos ek, uit Egipte. Sy was darem nie 'n slaaf soos ek nie.

Is jy ook 'n Hagar in hierdie lewe, of het jy by Hom tot ruste gekom?

25 Julie

Half-Half (Louwarm) (1)

Nahaliël: Dal van God.

In Galasiërs 2: 19 en 20 staan die volgende woorde opgeteken:

----ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe.

Kan ons dit van onself sê?

Ons maak dikwels daarop aanspraak dat ons saam met Christus gekruisig is en dat ons glo, dat ons saam met Christus opgestaan het (Rom. 6: 8).

Is dit waar?

Indien dit van jou en my lewe waar is, kan ons met verwagting uitsien dat die volgende al meer in ons lewens sal gebeur:

*1. Jesus sal deur ons **monde** praat. Hy sal Sy liefde deur ons monde laat manifesteer. Hy sal deur ons monde met Sy Vader praat. Hy sal in liefde deur ons monde met en van ander praat. Hy sal ander deur ons monde versterk, bemoedig, leer en teregwys.*

*2. Hy sal deur ons **hande** goeie dinge aan ander doen, soos om ander die hande op te lê. Hy sal deur ons hande, werk vir ons lewensonderhoud. Deur ons hande sal Hy aan behoeftiges kos uitdeel, die voete van ander was, die hand diep in die sak steek, 'n helpende hand word.*

3. Hy sal met ons **voete** loop na 'n plek toe waar Hy kan afsonder om gemeenskap met Hom en Sy Vader te soek. Hy sal met ons voete na die kerk toe loop. Hy sal met ons voete gewoonlik na arm en behoeftiges toe loop, eerder as na rykes en onafhanklikes. Hy sal met ons voete soms deur die Tuin van Getsemane loop welwetende dat lyding, en selfverloëning vir ons wag. Hy sal ook met ons voete op water loop wanneer ons Hom glo en vertrou.

4. Hy sal ons **siele** vir Sy doel gebruik. Daarom sal Hy met ons gedagtes dink net wat mooi, goed en edel is. Hy sal met ons emosies net liefde vir ander voel. Hy sal met ons wil net die goeie wil.

5. Hy sal in ons **gedagtes**, wat Hy nuut gemaak het, insigte gee wat Hy spesiaal vir die wat arm van gees is, gebêre het.

6. Hy sal **Sy Vader** deur ons verheerlik en die Naam van Sy Vader grootmaak.

7. Hy sal Sy **Vader se Koninkryk** deur ons laat kom.

8. Hy sal Sy **Vader se wil** deur ons laat geskied.

9. Hy sal met ons **ore** luister na wat Sy Vader aan Hom wil openbaar. Hy sal graag na Sy Woord deur ons luister. Hy het immers met Sy woorde alles geskep wat geskape is.

Naton: God gee.

Hy sal sekere dinge , soos die volgende, nie deur ons doen nie:

1. Hy sal nie deur ons **monde** vloek, skinder, slegte dinge van ander sê of mense kritiseer en veroordeel nie.

2. Hy sal nie deur ons **hande** ander benadeel nie. Hy sal ook nie deur ons hande die afgod van kos vetvoer nie. Hy sal nie deur ons hande ander se koppe was nie. Hy sal ook nie deur ons hande krampagtig aan geld vasklou nie. Hy sal nie met ons hande dinge aan ons liggame doen wat skadelik vir ons is nie.

3. Hy sal nie met ons **voete** na casino`s, en plekke waar Hy nie welkom is, loop nie. Hy sal ook nie met ons voete loop waar die self en die selfgenotgod gedien word nie.

4. Hy sal nie ons **gedagtes** gebruik om net sekulêre kennis op te doen nie. Hy sal nie ons **emosies** gebruik om oor sekulêre stories op TV en in boeke gaande te raak nie. Hy sal ons nie toelaat om **eiewillig** net ons eie ding te doen nie.

5. Ons **gedagtes** sal nie deur Hom met koerante, tydskrifte en televisie besoedel word nie. Hy sal ons nie bo ons geestelike vermoëns toets nie.

6. Hy sal nie toelaat dat ons Hom vir ons eie **selfverheerliking** gebruik nie.

7. Hy sal nie toelaat dat ons Hom gebruik om ons **eie koninkryke** te bou nie.

8. *Hy sal ons nie toelaat dat ons Hom gebruik om ons eie wil te soek en te doen nie.*

9. *Hy sal ons ore nie gebruik om na vuil stories te luister nie. Hy sal ons ore nie gebruik om na skinderstories te luister nie. Hy sal ons ore nie vir leuens en bedrog gebruik nie.*

Selfverloëning en eenwording met Christus word mooi saamgevat in die Lewende Vertaling van die Bybel, Mat.10: 37:

As jy jou pa of ma liever het as vir My, verdien jy nie om een van My mense te wees nie. Of as jy jou seun of jou dogter liever het as vir My, verdien jy nie om een van My mense te wees nie. 38. As jy weier om jou kruis op jou skouers te neem en My te volg, verdien jy nie om een van My mense te wees nie. 39. As jy selfsugtig aan jou eie lewe vasklou, sal jy dit verloor. Maar as jy dit terwille van My opoffer, sal jy werklik voluit lewe.

Ons leef vandag volgens alle aanduidings in die tyd van Laodisea (Open 3:14). Dit is die tyd van louheid. Dit is die tyd van so ‘n bietjie godsdiens en so ‘n bietjie wêreld. Die duiwel het die mens van ons tyd oorreed om die leuen van gebalanseerdheid te glo. Indien Christus in ons woon en ons die ou mens afgesterf het, sal ons nie vir hierdie leuen val nie, ons sal radikaal Christen wees in ons totale identifikasie met Hom. *Uit onself, kan ons nie, maar indien ons bereid is om Hom toe te laat en aan Hom oor te gee, is alles moontlik.*

27 Julie

Nataniël: God het gegee.

Gebed

Here, help my asseblief.

Maak my gewillig en bekwaam om aan U oor te gee.

U weet Here hoe moegstoei ek met die lewe is.

Help my om U toe te laat om radikaal my lewe oor te neem

om alles te wees en te doen wat U met hierdie lewe wil.

Sal U deur my met ons Vader praat.

Help my om U toe te laat om dit te doen.

*Dankie dat dit nie meer ek is wat bid nie maar dat dit U is wat met U Vader
praat.*

U weet hoe moeg ek is van self probeer.

Dankie dat U die sin van lyding so onderstreep.

*Dankie dat U toelaat dat ek lank genoeg kon lewe om aan die einde van myself
te kom.*

Dankie dat U nie moeg geword het om aan my lewensdeur te klop nie.

Dankie dat ek toe ek nie meer kon aangaan nie, ek vir U die deur kon oopmaak.

en so die embrio van U geboorte in my kon ontvang.

Dankie dat U nou die nuwe lewe, in my is.

Dankie dat ek so met U een kon word.

Kom nou Jesus, ek laat U toe, doen net wat U wil met my en deur my.

Amen

Nearja: Dienaar van die Here.

Het jy 'n toe hand? Met ander woorde gee jy moeilik iets weg? Is jy geneig om dinge vir jouself te wil hou en deel jy nie maklik met ander nie? Die meeste van ons is in 'n mindere of meerdere mate so. Ons het geleer dat ons hard moet werk vir dit wat ons het, en dat ons dit mooi moet oppas. Is dit moontlik dat hierdie positiewe eienskap oordoen kan word en dat ons hande oormatig toe kan wees vir ons medemens? Gee ons moeilik vir anderskleuriges, vir mense in ander lande, vir Bybelverspreiding, vir boemelaars, vir die wat ons voel dat hulle vir hulleself moes voorsien het?

Wat vra Jesus van ons?

Die Bybel is vol voorbeelde van mense wat 'n oop hand vir hulle medemens gehad het. Dit wat Jesus gehad het, het Hy met ander gedeel en so het Sy dissipels ook later gedoen. Ons word opgeroep om mededeelsaam te wees.

Dikwels is ons hande krampagtig om ons geld en besittings vasgeklem. So toe dat die woord **kramp – agtig** dit goed beskryf. Dit is amper asof die persoon met die toe hand 'n kramp in sy hand kry en met 'n refleksbeweging sy hand toemaak om die dinge wat hy nie wil weggee nie.

Moet ons as Christene nie dalk leer om ons hande meer oop te maak nie? Die oomblik wat ons ons hande oopmaak, en dit wat vir ons kosbaar is laat gaan, tot

die voordeel van ons medemens, sal ons miskien dink dat ons hande leeg sal wees. Dit is beslis nie die geval nie. Ons leë hande kan dan weer gevul word deur ons Hemelse Vader. Wanneer ons hande vol is van ons eie dinge is daar net nie 'n manier waarop ons Hemelse Vader ons hande weer kan vul nie. Hy soek leë hande om te vul met Sy goedheid en Sy gawes. Wanneer Hy ons hande gevul het, kan ons Sy Goedheid teen ons bors vasdruk met daardie selfde hande. Ons kan ons hande vol van Sy genade en gawes teen ons hart druk en so Sy goedheid ons eie maak. Dan sal ons geseënde hande hê. Hierdie geseënde hande sal dan opwaarts beweeg in dank en aanbidding aan Hom.

Hierdie geseënde hande sal dan ook in liefde en hulp uitgesteek kan word na ander. Hoe meer hierdie hande so bruikbaar vir Hom word hoe meer sal die hande ook merke begin kry. Miskien sal daar dalk ook stukkende plekke aan hierdie hande kom en so kan ons hande dan 'n bietjie soos Sy hande begin lyk.

*Steek 'n **hand** van vriendskap uit.*

*Haal jou **hand** uit jou sak.*

*Hef op jou **hande**.*

*Bind jou **hande** saam in gebed.*

*Maak jou **hand** los om jou beursie.*

*Gee met jou **hand** iets weg.*

*Steek jou vinger in die gat in **Sy hand** en lewe vir ewig.*

29 Julie

Hande en Hand

Nebalot: Hy het tot lewe opgewek.

Wat doen jy met jou hande?

Staan jy met jou bakhande voor God. Wag jy so dat Hy jou hande moet vul met Sy seënninge, Sy genade, Sy verlossing, Sy voorsiening?

Ontvang jy met jou bakhand Sy genadige verlossing? Aanvaar jy dit so vir jouself?

Gryp jy met jou oop hand alles wat jy kan vir jouself? Probeer jy alles inpalm om dit in die palm van jou hand net vir jouself te hou? Het jy 'n toe hand vir ander?

Het jy 'n oop hand vir ander? Gee jy graag met jou hand weg vir ander uit die rykdom waarmee Hy jou seën?

Lig jy jou oop hand na bo na Hom toe om aan Hom al die eer van jou lewe te gee?

Bal jy jou hand na bo soos die kommuniste en die ateïste as 'n teken waarmee jy God uitdaag en jou eie onafhanklikheid van Hom verklaar? Wil jy met die gebalde vuis wys dat jy jou kontak met Hom afsluit en dat jy op jouself ingekeer is? Wys jy so dat jy jou god, satan, verkies bo die Lewende God?

Maak jy jou hand in 'n handgroet oop vir jou medemens? Maak jy jouself so oop vir 'n ander en ontvang jy so die mense se openheid teenoor jou deur jou handpalm teen syne te druk?

Gebruik jy jou hand om die ander te wurg, sy keel toe te druk, alles uit hom te wurg wat jy uit hom kan kry?

Druk jy jou handpalms teen mekaar met die vingers na bo in gebed?

Is jou hande ledig?

Sit jy op jou hande in plaas daarvan om hulle te laat werk?

Is jou hande vuil van die gemors van hierdie wêreld?

Het jy skoon hande voor Hom?

Het jy vrygewige hande?

Seën jy met jou hande?

Vloek jy met jou hande en jou vingers ander indien jou te na kom?

Ryk jy 'n hand van vriendskap na ander?

Wat hou jy graag in jou hande; kos, die Bybel, die afstandbeheer van die televisie, jou koerant, jou geld, jou werk, jou vrou en kind se hand, iemand anders se hand, jou selfoon, jou motor se stuurwiel, drankglas, sigaret of sekulêre leesstof?

Wat maak jy met die deurboorde hande van Jesus?

Nedabja: Die Here spoor aan.

Om te kan sê wat die kern van die Bybel is, waarom die Bybel hoofsaaklik handel, is moeilik. Neem in ag dat dit 'n Boek is waaraan deur baie mense gewerk is, dat die Boek 'n geskiedenis van meer as 6000 jaar dek, dat die Boek oor honderde jare geskryf is en dat die Boek uit geskiedenis, poësie, profesie en nog ander literêre kunsvorms bestaan.

Tog is daar deurlopende drade wat deur die hele Bybel aangetref word. Die belangrikste van hierdie deurlopende goue drade is die volgende:

- 1. God is God en Hy is 'n Drie-eenheid van God, Seun en Heilige Gees en behoort bo alles geëer en liefgehê te word.*
- 2. Mense moet benewens God, hulle medemens so liefhê soos hulleself. Van die hoogste liefde vir die medemens is daar waar mense se siele gered word.*
- 3. Om God se wil te kan doen, met ander woorde lief te hê, is dit nodig dat die mens homself moet verloën.*

Selfverloëning by die mens staan op drie bene:

- 4. Erken voor God dat jy diep afhanklik van Hom is vir jou daaglikse behoeftes.*
- 5. Erken jou afhanklikheid van Hom om jou van al jou sondes vry te spreek.*

6. Erken jou afhanklikheid van Hom om jou teen satan se aanslae te beskerm.

Merkwaardig, maar die Onse Vader gebed is presies wat ons nou as die kern van die Bybel saamgevat het. Al ses bedes van die Onse Vader is presies hierin verwoord (Mat. 6:5).

31 Julie

Hart van Ons Vader.

Nehemia: Die Here het getroos.

Oor die modelgebed, wat Jesus ons geleer het, kan baie boeke vol geskryf word.

Een perspektief, wat met die hart van hierdie gebed te make het, is die volgende:

In hierdie gebed is daar ses bedes. Die eerste drie het met God te make en die laaste drie met die mens. So mag dit op die oog af lyk maar eintlik is die hele gebed een geïntegreerde geheel. Al ses bedes word aan die eerste bede verbind en het in 'n meerdere of mindere mate met die eerste bede te make: **Laat U Naam geheilig word.** Kom ons kyk na een manier waarop hierdie bede geïntegreer is.

1. Alles gaan oor God, Sy eer, Sy verheerliking. Alles is daarvoor geskep. Alles is gemaak om Sy Naam groot te maak – **Die eerste bede.**

2. Mense as die kroon van God se skepping is by uitnemendheid vir die doel van God se verheerliking geskape. Alleen die mense wat deel is van Sy koninkryk kan Hom verheerlik en Sy Naam groot maak. Daarom is dit nodig dat **Sy Koninkryk moet kom.**

3. God se wil is by uitstek dat die mens wat aan Sy koninkryk behoort, aan Hom gehoorsaam sal wees veral in die betoning van liefde. Sonder liefde sal 'n mens nooit Sy wil kan doen nie . Daarom bid ons –**laat U wil geskied.**

Nou kom ons by die laaste drie bedes, die sogenaamde mensgerigte bedes. Dit is mensgerig maar eintlik net om die mens vir God se doel gereed te kry.

4. **Gee ons vandag ons daaglikse brood.** Vir die mens wat lief is vir God en by uitstek deel van Sy koninkryk wil wees om Hom vir ewig te eer en te aanbid sal dit bo alles nodig wees om vir hierdie doel elke dag toegerus te word. Sy daaglikse brood sal, soos vir Jesus, wees om Sy Vader se wil te doen. In wese bid so 'n mens dan vir die toerusting van die Heilige Gees en eet hy die brood van die lewe elke dag uit God se Woord.

5. Alleen die persoon sonder skuld, kom tot heiligmaking. Dit is die daaglikse brood van die lewe wat hy eet. Daarom dan ook die bede **vergewe ons ons skulde.**

6. Die duiwel loop rond soos 'n brullende leeu en soek om God se kinders te verslind. Daarom is dit nodig dat God se kinders teen versoekings beskerm moet word en in beproewings versterk moet word. Daarom bid ons **lei ons nie in versoeking nie.**

Die kind van God gepantser teen satan se aanslae, skoongewas, vry van die sonde gevoed met die brood van die lewe sal in liefde gehoorsaam aan Sy Vader lewe want hy het deel aan God se Koninkryk verkry om in alle ewigheid God te loof te prys en Sy Naam groot te maak.

Ons kan God se Naam seker die beste eerbiedig en lof aan Hom bring wanneer ons soos Hy optree. Een terrein waar God besonderlik van ons verlang om Hom na te volg is in die vergifnis vir ander, wat ons te na gekom het. Daarom dan ook die toevoeging tot die vyfde bede: *Vergewe ons ons skulde* **Soos ons ook**

ons skuldenaars vergewe.

Alles wat geskep is, alles wat gebeur op die aarde, alles van alles gaan in die finale instansie oor God en Sy eer.
